

WAJIKRA

Levitikus – 3 Moshe

¹ En יהוה het Moshe geroep en met hom gepraat uit die tent van ontmoeting en gesê:

² "Praat met die kinders van Jisra'ël en sê vir hulle: 'Wanneer iemand van julle aan יהוה 'n offer wil bring, moet julle jul offer van vee bring, van beeste of van kleinvee.

³ 'Indien sy offer 'n brandoffer is van beeste, moet dit 'n bul sonder gebrek wees wat hy bring. Hy moet dit by die ingang van die tent van ontmoeting bring, vir sy vreugde voor יהוה.

⁴ 'En hy moet sy hand op die kop van die brandoffer lê, en dit sal vir hom aanvaar word om versoening vir hom te doen.

⁵ 'En hy moet die jong bul voor יהוה slag. En die seuns van Aharon, die priesters, moet die bloed bring en die bloed rondom teen die altaar sprinkel wat by die ingang van die tent van ontmoeting is.

⁶ 'En hy moet die brandoffer afslag en dit in sy stukke verdeel.

⁷ 'En die seuns van Aharon die priester, moet vuur op die altaar plaas en hout op die vuur reglê.

⁸ 'En die seuns van Aharon, die priesters, moet die stukke, die kop en die vet op die hout rangskik wat op die vuur op die altaar is.

⁹ 'Maar die binnegoed en die pote moet hy met water was. En die priester moet dit alles op die altaar as brandoffer verbrand, 'n vuuroffer, 'n aangename geur aan יהוה.

¹⁰ 'En indien sy offer kleinvee is, van skape of van bokke, as 'n brandoffer, moet hy 'n ram sonder gebrek bring.

¹¹ 'En hy moet dit aan die noordekant van die altaar voor יהוה slag. En die seuns van Aharon, die priesters, moet die bloed daarvan rondom teen die altaar sprinkel.

¹² 'En hy moet dit in sy stukke verdeel,

met die kop en die vet, en die priester moet dit op die hout rangskik wat op die vuur op die altaar is.

¹³ 'Maar die binnegoed en die pootjies moet hy met water was, en die priester moet dit alles bring en op die altaar verbrand. Dit is 'n brandoffer, 'n vuuroffer, 'n aangename geur aan יהוה.

¹⁴ 'En indien sy offer aan יהוה 'n brandoffer van voëls is, moet hy sy offer bring van tortelduiwe of van jong duiwe.

¹⁵ 'En die priester moet dit na die altaar bring en die kop afdraai en op die altaar verbrand, en die bloed moet teen die kant van die altaar uitgedruk word.

¹⁶ 'En hy moet die krop met die vere verwyder en dit langs die altaar gooi, aan die oostekant, op die plek vir die as.

¹⁷ 'En hy moet dit by die vlerke skeur maar nie af trek nie. En die priester moet dit op die altaar verbrand, op die hout wat op die vuur is. Dit is 'n brandoffer, 'n vuuroffer, 'n aangename geur aan יהוה.

2 'En wanneer iemand aan יהוה 'n graanoffer bring, moet sy offer fynmeel wees. En hy moet olie daarop giet en wierook daarby sit,

² en hy moet dit na die seuns van Aharon, die priesters, bring, en hy moet daarvan 'n handvol neem, van die fynmeel met die olie, met al die wierook. En die priester moet dit as herinnering op die altaar verbrand, 'n vuuroffer, 'n aangename geur aan יהוה.

³ 'En die oorblyfsel van die graanoffer, is vir Aharon en sy seuns, 'n hoog afgesonderde deel van die vuuroffers van יהוה.

⁴ 'En wanneer jy 'n graanoffer bring wat in die oond gebak is, moet dit fynmeel wees, matsot koeke met olie gemeng, en matsot platkoeke met olie gesmeer.

⁵ 'En indien 'n graanoffer van die bakplaat

WAJIKRA 3

jou offer is, moet dit fynmeel wees en met olie gemeng, matsa.

⁶ 'Breek dit in stukkes en giet olie daarop: dit is 'n graanoffer.

⁷ 'En indien 'n graanoffer uit die pan jou offer is, moet dit van fynmeel met olie berei word.

⁸ 'En jy moet die graanoffer wat daarvan berei word, aan יהוה bring: hulle moet dit na die priester bring, en hy moet dit na die altaar dra.

⁹ 'En die priester moet van die graanoffer die gedenkoffer daarvan aflag en op die altaar aan die brand steek, 'n vuuroffer van lieflike geur aan יהוה.

¹⁰ 'En die oorblyfsel van die graanoffer, is vir Aharon en sy seuns, 'n hoog afgesonderde deel van die vuuroffers van יהוה.

¹¹ 'Geen graanoffer wat julle aan יהוה bring, mag berei word om te rys nie, want van geen rysmiddel of heuning mag julle vir יהוה 'n vuuroffer aan die brand steek nie.

¹² 'Julle mag dit as 'n offer van eerstelinge aan יהוה bring, maar dit mag nie op die altaar as lieflike geur kom nie.

¹³ 'En jy moet al jou graanoffers met sout berei, en jy mag die sout van die verbond van jou Elohim by jou graanoffer nie laat ontbreek nie. By al jou offers moet jy sout bring.

¹⁴ 'En wanneer jy aan יהוה 'n graanoffer van eerstelinge bring, moet jy as graanoffer van jou eerstelinge bring: are wat oor die vuur gebrui is, gebreekte korrels van vars graan.

¹⁵ 'En jy moet olie daarby voeg en wierook daarop strooi. Dit is 'n graanoffer.

¹⁶ 'En die priester moet die gedenkoffer daarvan, 'n deel van die gebreekte koring en van die olie met al die wierook, aan die brand steek as 'n vuuroffer aan יהוה.

3 'En wanneer 'n dankoffer sy offer is, indien hy dit bring van beeste, bul of vers, moet hy dit sonder gebrek voor יהוה bring.

² 'En hy moet sy hand op die kop van sy offer lê en dit slag by die ingang van die

tent van ontmoeting. En die seuns van Aharon, die priesters, moet die bloed rondom teen die altaar sprinkel.

³ 'En hy moet van die dankoffer 'n vuuroffer aan יהוה bring: die vet wat oor die binnegoed lê, en al die vet wat aan die binnegoed is,

⁴ en die twee niere en die vet daarop wat aan die lendene is, en die lap aan die lewer by die niere moet hy dit wegneem.

⁵ 'En die seuns van Aharon moet dit op die altaar aan die brand steek, op die brandoffer wat op die hout is, bo op die vuur, as 'n vuuroffer van lieflike geur aan יהוה.

⁶ 'En indien sy offer 'n stuk kleinvee is, as 'n dankoffer aan יהוה, moet hy dit bring sonder gebrek, ram of ooi.

⁷ 'Indien hy 'n skaaplamm bring as sy offer, moet hy dit voor יהוה bring

⁸ en sy hand op die kop van sy offer lê en dit slag voor die tent van ontmoeting, en die seuns van Aharon moet die bloed rondom teen die altaar sprinkel.

⁹ 'En van die dankoffer moet hy die vet as vuuroffer aan יהוה bring: die hele vetstert naby die stuitjie moet hy dit wegneem en die vet wat oor die binnegoed lê, en al die vet wat aan die binnegoed is,

¹⁰ en die twee niere en die vet daarop wat aan die lendene is, en die lap aan die lewer by die niere moet hy dit wegneem.

¹¹ 'En die priester moet dit as voedsel op die altaar aan die brand steek, 'n vuuroffer vir יהוה.

¹² 'En indien sy offer 'n bok is, moet hy dit voor יהוה bring

¹³ en sy hand op die kop daarvan lê en dit slag voor die tent van ontmoeting, en die seuns van Aharon moet die bloed rondom teen die altaar sprinkel.

¹⁴ 'En hy moet daarvan sy offer as vuuroffer aan יהוה bring, die vet wat oor die binnegoed lê, en al die vet wat aan die binnegoed is,

¹⁵ en die twee niere en die vet daarop wat aan die lendene is, en die punt van die lewer by die niere moet hy dit

WAJKRA 4

wegneem.

¹⁶ 'En die priester moet dit as voedsel op die altaar aan die brand steek, 'n vuuroffer vir 'n lieflike geur. Al die vet behoort aan יהוה.

¹⁷ 'Dit is 'n ewige wet vir julle geslagte in al julle woonplekke: Julle mag geen vet en geen bloed eet nie.'

4 En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

² 'Praat met die kinders van Jisra'ël en sê: 'Indien iemand in swakheid sondig teen een van alle gebooie van יהוה en een van die dinge wat nie gedoen mag word nie, tog doen:

³ 'Indien die priester - die gesalfde - sondig, sodat die volk daardeur skuldig word, moet hy vir die sonde wat hy gedoen het, 'n jong bul sonder gebrek aan יהוה as sondeoffer bring,

⁴ en hy moet die bul na die ingang van die tent van ontmoeting, voor יהוה, bring en moet sy hand op die kop van die bul lê en die bul voor יהוה slag.

⁵ 'En die gesalfde priester moet van die bloed van die bul neem en dit na die tent van ontmoeting bring,

⁶ en die priester moet sy vinger in die bloed steek en van die bloed sewe maal sprinkel voor יהוה, voor die voorhangsel van die afgesonderde plek.

⁷ 'En die priester moet van die bloed aan die horings van die altaar van die geurige wierook smeer, wat in die tent van ontmoeting is, voor יהוה, en hy moet al die orige bloed van die bul uitgiet aan die onderkant van die brandofferaltaar wat by die ingang van die tent van ontmoeting is.

⁸ en al die vet van die sondeofferbul moet hy van hom aflag, die vet wat oor die binnegoed lê, en al die vet wat aan die binnegoed is,

⁹ en die twee niere en die vet daarop wat aan die lendene is, en die lap aan die lewer by die niere moet hy dit wegneem

¹⁰ soos dit van die dankofferbul afgelig word en die priester moet dit aan die

brand steek op die brandofferaltaar.

¹¹ 'Maar die vel van die bul en al sy vleis met die kop en die pote en die binnegoed en die mis

¹² die hele bul moet hy buitekant die laer uitbring op 'n rein plek waar die as uitgegooi word, en hy moet hom op hout met vuur verbrand. Op die plek waar die as uitgegooi word, moet hy verbrand word.

¹³ 'En indien die hele vergadering van Jisra'ël hulle misgaan sonder dat die vergadering hom daarvan bewus is, en hulle enigiets doen wat יהוה verbied het, en skuldig word,

¹⁴ en die sonde wat hulle so gedoen het, bekend word, moet die vergadering 'n jong bul as sondeoffer laat aankom en hom voor die tent van ontmoeting bring,

¹⁵ en die oudstes van die vergadering moet hulle hande op die kop van die bul lê voor יהוה, en die bul moet voor יהוה geslag word.

¹⁶ 'En die gesalfde priester moet van die bloed van die bul in die tent van ontmoeting bring,

¹⁷ en die priester moet sy vinger in die bloed steek en sewe maal voor יהוה, voor die voorhangsel sprinkel.

¹⁸ 'En hy moet van die bloed aan die horings van die altaar wat in die tent van ontmoeting voor יהוה is, smeer. Dan moet hy al die orige bloed uitgiet aan die onderkant van die brandofferaltaar wat by die ingang van die tent van ontmoeting is.

¹⁹ 'En hy moet al die vet van hom aflag en op die altaar aan die brand steek.

²⁰ 'En met die bul doen soos hy met die sondeofferbul gedoen het, so moet hy met hom maak. En die priester moet vir hulle versoening doen, en dit sal hulle vergewe word.

²¹ 'En hy moet die bul buitekant die laer uitbring en hom verbrand soos hy die eerste bul verbrand het. Dit is 'n sondeoffer van die vergadering.

²² 'Wanneer 'n leier sondig en in swakheid enigiets doen wat יהוה sy Elohim verbied

WAJIKRA 5

het, en hy skuldig word,

²³ of indien sy sonde wat hy so gedoen het, aan hom bekend word, moet hy as sy offer bring 'n bok sonder gebrek, 'n ram,

²⁴ en hy moet sy hand op die kop van die bok lê en hom slag op die plek waar hulle die brandoffer voor יהוה slag, dit is 'n sondeoffer.

²⁵ 'En die priester moet van die bloed van die sondeoffer met sy vinger neem en dit aan die horings van die brand-offeraltaar smeer. Maar die orige bloed moet hy aan die onderkant van die brandofferaltaar uitgiet.

²⁶ 'En hy moet al die vet op die altaar aan die brand steek soos die vet van die dankoffer. So moet die priester dan vir hom versoening doen weens sy sonde, en dit sal hom vergewe word.

²⁷ 'En indien iemand van die volk van die land in swaakheid sondig, omdat hy enigiets doen wat יהוה verbied het, en hy skuldig word,

²⁸ of wanneer sy sonde wat hy gedoen het, aan hom bekend word, dan moet hy as sy offer bring 'n bok sonder gebrek, 'n ooi, vir die sonde wat hy gedoen het,

²⁹ en hy moet sy hand op die kop van die sondeoffer lê en die sondeoffer slag op die plek van die brandoffer.

³⁰ 'En die priester moet van haar bloed met sy vinger neem en dit aan die horings van die brandofferaltaar smeer, maar al die orige bloed moet hy aan die onderkant van die altaar uitgiet,

³¹ en al die vet moet hy wegneem soos die vet van die dankoffer af weggeneem is, en die priester moet dit op die altaar aan die brand steek as lieflike geur vir יהוה. En die priester moet vir hom versoening doen, en dit sal hom vergewe word.

³² Maar indien hy 'n skaaplam as sy sondeoffer bring, moet dit 'n ooi wees sonder gebrek wat hy bring.

³³ 'En hy moet sy hand op die kop van die sondeoffer lê en dit as sondeoffer slag op die plek waar hulle die brandoffer slag.

³⁴ 'En die priester moet van die bloed van die sondeoffer met sy vinger neem en dit aan die horings van die brand-offeraltaar smeer, maar al die orige bloed moet hy aan die onderkant van die altaar uitgiet.

³⁵ 'En hy moet al die vet wegneem soos die vet van die dankofferlam weggeneem word, en die priester moet dit op die altaar oor die vuuroffers van יהוה aan die brand steek. En die priester moet vir hom versoening doen vir die sonde wat hy gedoen het, en dit sal hom vergewe word.

5 'En wanneer iemand sondig deurdat hy die hardop uitgesproke vloeke hoor, terwyl hy getuie was, dit gesien het of daarvan weet maar dit nie te kenne gee nie, moet hy sy ongeregtigheid dra;

² of wanneer iemand enigiets aanraak wat onrein is die aas van 'n onrein wilde dier of die aas van onrein vee of die aas van onrein gedierte wat rondkruip en dit vir hom verborge was, maar hy onrein geword het en skuldig is;

³ of wanneer hy iets onreins van 'n mens aanraak volgens al die onreinheid waardeur hy hom kan verontreinig en dit vir hom verborge was, maar hy dit te wete gekom het en skuldig is;

⁴ of wanneer iemand sweer terwyl hy onverskillig met die lippe praat om kwaad of goed te doen volgens alles wat 'n mens met 'n eed onverskillig kan praat en dit vir hom verborge was, maar hy dit te wete gekom het en skuldig is aan een van hierdie dinge;

⁵ wanneer hy dan aan een van hierdie dinge skuldig is, moet hy bely waarteen hy gesondig het,

⁶ en as boete vir die sonde wat hy gedoen het, aan יהוה 'n ooi bring van die kleinvee, 'n skaaplam of 'n bok, as sondeoffer. En die priester moet vir hom versoening doen weens sy sonde.

⁷ 'Maar indien hy nie 'n stuk kleinvee kan bekostig nie, moet hy as boete vir wat hy gesondig het, twee tortelduiwe of twee jong duiwe aan יהוה bring, een as sondeoffer en een as brandoffer,

WAJKRA 6

⁸ en hy moet hulle na die priester bring, wat dié een eerste moet offer wat as sondeoffer bedoel is, en sy kop vlak voor sy nek afknyp sonder om dit af te trek.

⁹ 'En hy moet van die bloed van die sondeoffer teen die kant van die altaar sprinkel, maar wat oorbly van die bloed, moet aan die onderkant van die altaar uitgedruk word: dit is 'n sondeoffer.

¹⁰ 'En die ander een moet hy as brandoffer volgens voorskrif berei. So moet die priester dan vir hom versoening doen weens die sonde wat hy gedoen het, en dit sal hom vergewe word.

¹¹ Maar indien hy nie twee tortelduiwe of twee jong duiwe kan bekostig nie, moet hy as offer vir wat hy gesondig het, die tiende van 'n éfa fynmeel as sondeoffer bring. Hy moet geen olie daarop gooi en geen wierook daar byvoeg nie, want dit is 'n sondeoffer.

¹² 'En hy moet dit na die priester bring, en die priester moet daar 'n handvol van neem as die gedenkoffer en dit op die altaar oor die vuuroffers van יהוה aan die brand steek; dit is 'n sondeoffer.

¹³ 'En die priester moet vir hom versoening doen vir die sonde wat hy gedoen het in enigeen van hierdie gevalle, en dit sal hom vergewe word, verder behoort dit aan die priester net soos die graanoffer."

¹⁴ En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

¹⁵ "Wanneer iemand in iets ontrou handel en in swakheid sondig met betrekking tot een van die afgesonderde gawes van יהוה, moet hy as boete aan יהוה bring 'n ram sonder gebrek van die kleinvee, na jou skatting van die waarde in sikkels silwer, volgens die sikkels van die afgesonderde plek, as 'n skuldoffer.

¹⁶ "En hy moet vir wat hy ten opsigte van die afgesonderde gawes gesondig het, vergoeding gee en nog die vyfde deel daarvan byvoeg en dit aan die priester gee; en die priester moet vir hom versoening doen deur die skuldoffer, en dit sal hom vergewe word.

¹⁷ "En wanneer iemand sondig en onbewus enigiets doen wat יהוה verbied het, en skuldig word en sy ongeregtigheid moet dra,

¹⁸ dan moet hy van die kleinvee, na jou skatting, 'n ram sonder gebrek as skuldoffer na die priester bring. En die priester moet vir hom versoening doen vir die misdryf wat hy sonder opset, onbewus begaan het, en dit sal hom vergewe word.

¹⁹ "Dit is 'n skuldoffer, hy was sekerlik skuldig teenoor יהוה."

6 En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

² "Wanneer iemand sondig en ontrou handel teen יהוה deurdat hy teenoor sy naaste ontken dat iets aan hom toevertrou of as pand gegee is of deur hom geroof is, of dat hy sy naaste iets afgepers het,

³ of dat hy iets gekry het wat weg was, en dit ontken; of dat hy vals sweer ten opsigte van enigiets wat 'n mens kan doen om hom daarmee te besondig

⁴ wanneer hy dan sondig en skuldig word, moet hy teruggee wat hy deur roof ontvreem of deur afpersing verkry het, of wat aan hom toevertrou was, of verlore goed wat hy gevind het,

⁵ of alles waaroor hy vals gesweer het: hy moet daar ten volle vergoeding voor gee en nog die vyfde deel daarvan byvoeg; aan hom aan wie dit behoort, moet hy dit gee op die dag as hy boete doen.

⁶ "En hy moet van die kleinvee, na jou skatting, as boete aan יהוה 'n ram sonder gebrek as skuldoffer na die priester bring.

⁷ "En die priester moet vir hom versoening doen voor יהוה, en dit sal hom vergewe word enigiets wat 'n mens doen, sodat hy daardeur skuldig word."

⁸ En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

⁹ "Beveel Aharon en sy seuns en sê: 'Dit is die Tora van die brandoffer: Dit, die brandoffer, moet op sy vuurherd op die

WAJIKRA 7

altaar die hele nag lank tot die môre toe bly, en die altaarvuur moet daardeur aan die brand gehou word.

¹⁰ 'En die priester moet sy linnekleed aantrek, en die linnebroek moet hy oor sy vel aantrek, dan moet hy die as wegneem waartoe die vuur die brandoffer op die altaar verteer het, en dit langs die altaar uitgooi.

¹¹ 'En hy moet sy klere uittrek en ander klere aantrek, en die as buitekant die laer op 'n rein plek uitbring.

¹² 'En die vuur op die altaar moet daardeur aan die brand gehou word, dit mag nie doodgaan nie; maar die priester moet elke môre daarvoor hout aan die brand steek en die brandoffer daarvoor reglê en die stukke vet van die dankoffers daarvoor aan die brand steek.

¹³ 'Vuur moet voortdurend op die altaar aan die brand gehou word, dit mag nie doodgaan nie.

¹⁴ 'En dit is die Tora van die graanoffer: Die seuns van Aharon moet dit voor יהוה voor die altaar bring,

¹⁵ en een moet daarvan 'n handvol neem, van die graanoffer se fynmeel met die olie, en al die wierook wat op die graanoffer is, en hy moet op die altaar die gedenkoffer daarvan aan die brand steek as lieflike geur vir יהוה.

¹⁶ 'En die oorblyfsel, moet Aharon en sy seuns eet. Dit moet **ongesuurd** geëet word op 'n afgesonderde plek, in die voorhof van die tent van ontmoeting moet hulle dit eet.

¹⁷ 'Dit mag nie **gesuurd** gebak word nie. As hulle deel het Ek dit van my vuuroffers gegee. Hoog afgesonderd is dit soos die sondeoffer en die skuldoffer.

¹⁸ 'Almal wat manlik is tussen die seuns van Aharon, mag dit eet. Dit is 'n ewige wet vir julle geslagte uit die vuuroffers van יהוה. Alles wat daaraan raak, word afgesonderd.'"

¹⁹ En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

²⁰ 'Dit is die offer van Aharon en sy seuns wat hulle aan יהוה moet bring op

die dag as hy gesalf word: die tiende van 'n éfa fynmeel as voortdurende graanoffer; die helfte daarvan in die môre en die helfte in die aand.

²¹ "Dit moet op 'n plaat met olie berei word; deurmekaargeroer moet jy dit bring; in gebakte brokkies moet jy die graanoffer bring as lieflike geur vir יהוה.

²² "En die gesalfde priester in sy plek van sy seuns, moet dit berei, 'n ewige wet. Dit moet geheel en al vir יהוה aan die brand gestee word.

²³ "En elke graanoffer moet van 'n priester 'n voloffer wees, dit mag nie geëet word nie."

²⁴ En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

²⁵ "Praat met Aharon en sy seuns en sê: 'Dit is die Tora van die sondeoffer: Op die plek waar die brandoffer geslag word, moet die sondeoffer voor יהוה geslag word. Dit is hoog afgesonderd.

²⁶ 'Die priester wat dit as sondeoffer bring, moet dit eet; op 'n afgesonderde plek moet dit geëet word, in die voorhof van die tent van ontmoeting.

²⁷ 'Alles wat aan die vleis daarvan raak, word afgesonderd, en indien daar van die bloed op 'n kledingstuk spat, moet jy die stuk waar dit op spat, op 'n afgesonderde plek was.

²⁸ 'En 'n erdepot waar dit in gaar gemaak is, moet stukkend gebreek word, maar indien dit in 'n koperpot gaar gemaak is, moet dit geskuur en met water afgespoel word.

²⁹ 'Almal wat manlik is tussen die priesters, mag dit eet, dit is hoog afgesonderd.

³⁰ 'Maar elke sondeoffer waarvan 'n deel van die bloed in die tent van ontmoeting gebring word, om in die afgesonderde plek versoening te doen, mag nie geëet word nie, dit moet met vuur verbrand word.

7 'En dit is die Tora van die skuldoffer: dit is hoog afgesonderd.

² 'Op die plek waar hulle die brandoffer slag, moet hulle die skuldoffer slag, en hy

WAJKRA 7

moet die bloed rondom teen die altaar sprinkel.

³ 'En hy moet al die vet daarvan offer: die vetstert en die vet wat oor die binnegoed lê,

⁴ en die twee niere en die vet daarop wat aan die lendene is, en die lap aan die lewer by die niere moet hy dit wegneem.

⁵ 'En die priester moet dit op die altaar aan die brand steek as vuuroffer aan יהוה'. Dit is 'n skuldoffer.

⁶ 'Almal wat manlik is tussen die priesters, mag dit eet. Dit moet op 'n afgesonderde plek geëet word. Dit is hoog afgesonderd.

⁷ 'Soos die sondeoffer, so die skuldoffer; een Tora geld vir hulle, die priester wat daardeur versoening doen, aan hom kom dit toe.

⁸ 'En die priester wat die brandoffer van iemand bring die vel van die brandoffer wat hy gebring het, aan die priester, aan hom kom dit toe.

⁹ 'En elke graanoffer wat in die oond gebak word, en alles wat in die pan of op die bakplaat berei is, aan die priester wat dit offer, aan hom kom dit toe.

¹⁰ 'En elke graanoffer, met olie gemeng of droog, aan al die seuns van Aharon kom dit toe, aan die een so goed as aan die ander.

¹¹ 'En dit is die Tora van die dankoffer wat hulle aan יהוה bring:

¹² 'Ingeval hy dit as loffer bring, moet hy by die loffer bring: matsot koeke met olie gemeng en matsot platkoeke met olie bestryk en fynmeel wat as koeke deurmekaargeroer is, met olie gemeng.

¹³ Buiten koeke, moet hy sy offergawe met gesryste brood bring, buiten die slagoffer met danksegging by sy dankoffer.

¹⁴ 'En hy moet daarvan, een koek van elke gawe, as offergawe aan יהוה bring; aan die priester wat die bloed van die dankoffer sprinkel, aan hom kom dit toe.

¹⁵ 'Maar die vleis van sy lofdankoffer moet geëet word op die dag as hy dit bring; daarvan mag hy niks tot die môre

laat lê nie.

¹⁶ 'En indien die offer wat hy bring, 'n gelofte of vrywillige offer is, moet dit geëet word op die dag wat hy sy offer bring, en op die volgende dag, dan kan die oorblyfsel geëet word.

¹⁷ 'Maar die oorgeblyfsel van die offervleis het, moet op die derde dag met vuur verbrand word.

¹⁸ 'En indien daar van die vleis van sy dankoffer op die derde dag iets geëet word, sal dit vir hom wat dit bring, nie met aanvaar word nie. Dit sal hom nie toegereken word nie, dit is onrein vir hom, en diegene wat daarvan eet, moet sy ongeregtheid dra.

¹⁹ 'En die vleis wat aan iets onreins raak, mag nie geëet word nie; met vuur moet dit verbrand word. Maar wat verder die vleis betref elkeen wat rein is, mag vleis eet.

²⁰ 'Maar die een wat vleis eet van die dankoffer wat יהוה toekom, terwyl sy onreinheid aan hom is, dié wese moet uit sy volksgenote uitgeroei word.

²¹ 'En wanneer iemand aan iets onreins raak, aan die onreinheid van 'n mens of aan 'n onrein dier of aan enige onrein verfoeisel, en dan eet van die vleis van die dankoffer wat יהוה toekom, dié wese moet uit sy volksgenote uitgeroei word.'

²² En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

²³ "Praat met die kinders van Jisra'el en sê: 'Julle mag geen vet van 'n bees of skaap of bok eet nie.

²⁴ 'Maar die vet van aas en die vet van wat verskeur is, kan vir allerhande werk gebruik word, maar jy mag niks daarvan eet nie.

²⁵ 'Want elkeen wat vet eet van die vee waarvan hulle aan יהוה 'n vuuroffer bring, diegene wat dit eet, moet tussen sy volksgenote uitgeroei word.

²⁶ 'Ook mag julle geen bloed van voëls of van vee in ingeën van julle woonplekke eet nie.

²⁷ 'Elkeen wat maar enigsins bloed eet, dié wese moet uit sy volksgenote

WAJIKRA 8

uitgeroei word.”

²⁸ En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

²⁹ “Praat met die kinders van Jisra’ël en sê: ‘Hy wat aan יהוה sy dankoffer bring, moet self aan יהוה die gawe uit sy dankoffer bring;

³⁰ sy hande moet die vuuroffers van יהוה bring; die vet met die bors moet hy bring; die bors, om dit as beweging voor יהוה te beweeg.

³¹ ‘En die priester moet die vet op die altaar aan die brand steek, maar die bors kom Aharon en sy seuns toe.

³² ‘Julle moet ook die regterboud aan die priester as heoffer gee uit julle dankoffers.

³³ ‘Hy wat uit die seuns van Aharon die bloed van die dankoffers en die vet offer, aan hom kom die regterboud as deel toe.

³⁴ ‘Want die bewegingsbors en die hefboud het Ek van die kinders van Jisra’ël uit hulle dankoffers geneem en dit aan Aharon, die priester, en aan sy seuns gegee as ‘n deel wat hulle vir ewig toekom van die kant van die kinders van Jisra’ël.”

³⁵ Dit is die aandeel van Aharon en die aandeel van sy seuns uit die vuuroffers van יהוה, op die dag toe Hy hulle laat nader kom het om die priesteramp vir יהוה te bedien

³⁶ wat יהוה beveel het om hulle te gee van die kant van die kinders van Jisra’ël, op die dag toe Hy hulle gesalf het. Dit is ‘n ewige wet vir hulle geslagte.

³⁷ Dit is die Tora vir die brandoffer, die graanoffer en die sondeoffer en die skuld-offer en die wydingsoffer en die dank-offer

³⁸ wat יהוה Moshe by die berg Sinai beveel het, op die dag toe hy die kinders van Jisra’ël in die woestyn Sinai beveel het om hulle offers aan יהוה te bring.

8 En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

² “Neem Aharon en sy seuns saam met hom, en die klere en die salfolie en die sondeofferbul en die twee ramme en die

mandjie met ongesuurde koeke,

³ en versamel die hele vergadering by die ingang van die tent van ontmoeting.”

⁴ En Moshe het gemaak soos יהוה hom beveel het, en die vergadering het bymekaargekom by die ingang van die tent van ontmoeting.

⁵ Toe sê Moshe aan die vergadering: “Dit is die saak wat יהוה beveel het om te doen.”

⁶ En Moshe het Aharon en sy seuns laat nader kom en hulle met water gewas.

⁷ En hy het hom die kleed aangetrek en hom met die gordel gegord en hom die mantel aangetrek, en hy het hom die skouerkleed aangetrek en hom ge-gord met die band van die skouerkleed en daarmee hom die skouerkleed omgebind.

⁸ En hy het hom die borstas aangeheg en in die borstas die Urim en die Tummim gesit.

⁹ En hy het die tulband op sy kop gesit en aan die tulband, aan die voorkant, die goue plaat, die afgesonderde kroon, bevestig, soos יהוה Moshe beveel het.

¹⁰ Toe het Moshe die salfolie geneem en die Woonplek en alles wat daarin was, gesalf en dit afgesonder.

¹¹ En hy het daarvan sewe maal op die altaar gesprinkel en die altaar gesalf en al sy gereedskap, met die waskom en sy voetstuk, om dit af te sonder.

¹² Daarna het hy van die salfolie op die kop van Aharon gegiet en hom gesalf om hom af te sonder.

¹³ En Moshe het die seuns van Aharon laat nader kom en hulle die klere aangetrek en hulle gedog met ‘n gordel en hulle die kopdoeke omgebind soos יהוה Moshe beveel het.

¹⁴ En hy het die sondeofferbul laat aankom, en Aharon en sy seuns het hulle hande op die kop van die sondeofferbul gelê.

¹⁵ En Moshe het dit geslag en die bloed geneem en daarvan met sy vinger rondom aan die horings van die altaar gestryk en die altaar gereinig; maar die

orige bloed het hy aan die onderkant van die altaar uitgegooi. So het hy dit dan afgesonder deur daar versoening voor te doen.

¹⁶ Verder het hy al die vet wat aan die binnegoed was en die lap aan die lewer en die twee niere en hulle vet geneem, en Moshe het dit op die altaar aan die brand gesteeek.

¹⁷ Maar die bul met sy vel en sy vleis en sy mis het hy buitekant die laer met vuur verbrand, soos יהוה Moshe beveel het.

¹⁸ Daarop het hy die brandofferram laat aankom, en Aharon en sy seuns het hulle hande op die kop van die ram gelê.

¹⁹ En Moshe het dit geslag en die bloed rondom teen die altaar sprinkel.

²⁰ Hy het ook die ram in stukke verdeel, en Moshe het die kop en die stukke en die vet aan die brand gesteeek;

²¹ maar die binnegoed en die pote het hy met water gewas, en Moshe het die hele ram op die altaar aan die brand gesteeek; dit was 'n brandoffer as lieflike geur, 'n vuuroffer was dit aan יהוה, soos יהוה Moshe beveel het.

²² Daarop het hy die ander ram, die wydingsram, laat aankom; en Aharon met sy seuns het hulle hande op die kop van die ram gelê.

²³ En Moshe het dit geslag en van die bloed geneem en dit aan die regteroorlel van Aharon en aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet gestryk.

²⁴ Moshe het ook die seuns van Aharon laat nader kom en van die bloed aan hulle regteroorlel en aan die duim van hulle regterhand en aan die groottoon van hulle regtervoet gestryk; daarna het Moshe die orige bloed rondom teen die altaar sprinkel.

²⁵ En hy het die vet geneem met die vetstert en al die vet wat aan die binnegoed was, en die lap aan die lewer en die twee niere en hulle vet en die regterboud.

²⁶ Ook het hy uit die mandjie met ongesuurde koeke wat voor יהוה was,

een ongesuurde koek geneem en een oliebrood koek en een platkoek; en hy het dit op die stukke vet en op die regterboud neergesit

²⁷ en dit alles op die hande van Aharon en die hande van sy seuns gelê; en hy het dit as beweging voor יהוה beweeg.

²⁸ En Moshe het dit uit hulle hande geneem en dit op die altaar, bo op die brandoffer, aan die brand gesteeek; 'n wydingsoffer was dit as lieflike geur, 'n vuuroffer aan יהוה.

²⁹ En Moshe het die bors geneem en dit as beweging voor יהוה beweeg; van die wydingsram het dit aan Moshe as deel toegekome, soos יהוה Moshe beveel het.

³⁰ Moshe het ook van die salfolie en van die bloed wat aan die altaar was, geneem en dit op Aharon, op sy klere, sowel as op sy seuns en op die klere van sy seuns gesprinkel. So het hy dan Aharon, sy klere, sowel as sy seuns en die klere van sy seuns afgesonder.

³¹ Toe sê Moshe vir Aharon en sy seuns: "Maak die vleis gaar by die ingang van die tent van ontmoeting en eet dit daar met die brood wat in die wydingsmandjie is, soos ek beveel en gesê het: 'Aharon en sy seuns moet dit eet.'

³² "Maar die oorblyfsel van die vleis en die brood, moet julle met vuur verbrand.

³³ "Ook mag julle sewe dae lank nie by die ingang van die tent van ontmoeting uitgaan nie tot op die dag dat die dae van julle wyding verby is; want sewe dae lank moet julle wyding duur.

³⁴ "Soos vandag gedoen is, het יהוה beveel om verder te doen, om vir julle versoening te bewerk.

³⁵ "Julle moet dan by die ingang van die tent van ontmoeting bly, dag en nag, sewe dae lank. En julle moet die regsreëling van יהוה hou, dat julle nie sterf nie; want so is aan my bevel gegee."

³⁶ En Aharon en sy seuns het al die dinge gedoen wat יהוה deur die diens van Moshe beveel het.

9 En op die agtste dag het Moshe Aharon en sy seuns en die oudstes van

WAJIKRA 10

Jisra'ël geroep

² en vir Aharon gesê: "Neem vir jou 'n bulkalf as sondeoffer en 'n ram as brandoffer, altwee sonder gebrek, en bring hulle voor יהוה.

³ "En praat met die kinders van Jisra'ël en sê: "Neem 'n bokram as sondeoffer en 'n kalf en 'n lam, altwee een jaar oud, sonder gebrek, as brandoffer,
⁴ en 'n bul en 'n ram as dankoffer om voor יהוה te offer; en graanoffer met olie gemeng, want vandag verskyn יהוה aan julle."

⁵ en hulle het voor die tent van ontmoeting gebring wat Moshe beveel het. En die hele vergadering het nader gekom en voor יהוה gaan staan.

⁶ En Moshe het gesê: "Dit is die saak wat יהוה julle beveel het om te doen, sodat die glans van יהוה aan julle kan verskyn."

⁷ En Moshe het vir Aharon gesê: "Kom nader na die altaar en berei jou sondeoffer en jou brandoffer, en doen versoening vir jou en vir die volk, en berei die offer van die volk, en doen versoening vir hulle soos יהוה beveel het."

⁸ En Aharon het na die altaar nader gekom en die sondeofferkalf geslag wat vir hom bedoel was.

⁹ En die seuns van Aharon het die bloed na hom gebring, en hy het sy vinger in die bloed gestee en dit aan die horings van die altaar gestryk. En hy het die orige bloed aan die onderkant van die altaar uitgegiet.

¹⁰ Maar die vet en die niere en die lap aan die lewer van die sondeoffer het hy op die altaar aan die brand gestee soos יהוה Moshe beveel het.

¹¹ En die vleis en die vel het hy buitekant die laer met vuur verbrand.

¹² En hy het die brandoffer geslag, en die seuns van Aharon het vir hom die bloed aangegee, en hy het dit rondom teen die altaar sprinkel.

¹³ En hulle het vir hom die brandoffer volgens sy stukke aangegee, met die kop, en hy het dit aan die brand gestee

op die altaar.

¹⁴ En hy het die binnegoed en die pote gewas en dit aan die brand gestee bo op die brandoffer op die altaar.

¹⁵ En hy het die offer van die volk gebring, hy het die sondeofferbok geneem wat vir die volk bedoel was, en dit geslag en dit as sondeoffer gebring soos voorheen.

¹⁶ En het hy die brandoffer gebring en dit berei volgens voorskrif.

¹⁷ En hy het die graanoffer gebring en 'n handvol daaruit geneem en dit aan die brand gestee op die altaar, behalwe die mōrebrandoffer.

¹⁸ En hy het die bul en die ram geslag wat vir die volk as dankoffer bedoel was, en die seuns van Aharon het vir hom die bloed aangegee wat hy toe rondom teen die altaar gesprinkel het

¹⁹ en die stukke vet van die bul, en van die ram die vetstert en die netvet en die niere en die lap aan die lewer;

²⁰ en hulle het die stukke vet op die borsstukke gesit, en hy het die stukke vet op die altaar aan die brand gestee.

²¹ Maar die borsstukke en die regterboud het Aharon as beweging voor יהוה beweeg soos Moshe beveel het.

²² En Aharon het sy hande na die volk toe opgelig en hulle geseën. En hy het afgeklim nadat hy die sondeoffer en brandoffer en dankoffer gebring het.

²³ En Moshe en Aharon het in die tent van ontmoeting gegaan, en toe hulle uitkom, het hulle die volk geseën. En die glans van יהוה het aan die hele volk verskyn

²⁴ vuur het van voor יהוה uitgegaan en op die altaar die brandoffer en die stukke vet verteer. Toe die hele volk dit sien, het hulle gejuig en op hulle gesig geval.

10 En die seuns van Aharon, Nadab en Abihu, het elkeen sy vuurpan geneem en vuur daarin gegooi en wierook daarop gesit en vreemde vuur voor יהוה gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie.

² En daar het vuur van יהוה uitgegaan en hulle verteer, en hulle het voor יהוה

WAJIKRA 11

gestorf.

³ En Moshe het vir Aharon gesê: "Dit is dit wat יהוה gesê het: 'Vir die wat naby My kom, moet Ek afgesonder wees, en voor die oë van die hele volk moet Ek geag word.'" Maar Aharon het stilgebly.

⁴ En Moshe het Misha'ël en Eltsafan, die seuns van Uzzi'ël, die oom van Aharon, geroep en aan hulle gesê: "Kom nader, dra julle broers van die afgesonderde plek af weg, buitekant die laer uit."

⁵ En hulle het nader gekom en hulle in hul klere buitekant die laer uitgedra soos Moshe gesê het.

⁶ En Moshe het vir Aharon en sy seuns El'ásar en Itamar gesê: "Laat julle hare nie loshang nie en maak geen skeure in julle klere nie, dat julle nie sterf en Hy in toorn teen die hele vergadering losbreek nie. Maar julle broers, die hele huis van Jisra'ël, kan die brand beweën wat יהוה aangesteek het.

⁷ "En julle mag nie by die ingang van die tent van ontmoeting uitgaan nie, dat julle nie sterf nie, want die salfolie van יהוה is op julle." En hulle het gedoen volgens die woord van Moshe.

⁸ En יהוה het met Aharon gepraat en gesê:

⁹ "Moenie wyn of sterk drank drink nie, jy of jou seuns saam met jou wanneer julle in die tent van ontmoeting ingaan, dat julle nie sterf nie; 'n ewige wet is dit vir julle geslagte,

¹⁰ en julle moet onderskeid maak tussen wat afgesonder en wat vulgêr, en tussen wat onrein en wat rein is.

¹¹ "En julle moet die kinders van Jisra'ël leer al die wette wat יהוה deur die diens van Moshe aan hulle verkondig het."

¹² En Moshe het met Aharon gepraat en met sy seuns El'ásar en Itamar wat oorgebly het: "Neem die graanoffer wat van die vuuroffers van יהוה oorgebly het, en eet dit as ongesuurde koeke langs die altaar, want dit is hoog afgesonderd.

¹³ "En julle moet dit op 'n afgesonderde plek eet, want dit is wat aan jou en jou seuns toekom uit die vuuroffers van יהוה,

want so is ek beveel.

¹⁴ "En die bewegingsbors en die hefboud moet julle op 'n rein plek eet, jy en jou seuns en jou dogters saam met jou, want as deel wat aan jou en jou seuns toekom, is hulle uit die dankoffers van die kinders van Jisra'ël gegee.

¹⁵ "Die hefboud en die bewegingsbors moet hulle saam met die vuuroffers van die stukke vet bring om as beweging voor יהוה te beweeg, en dit sal vir jou en jou seuns saam met jou 'n deel wees wat aan julle vir ewig toekom soos יהוה beveel het."

¹⁶ En Moshe het rondgesoek na die sondeofferbok, maar dit was verbrand! Daarom was hy baie kwaad vir El'ásar en Itamar, die seuns van Aharon wat oorgebly het, en hy het gesê:

¹⁷ "Waarom het julle nie die sondeoffer op 'n afgesonderde plek geëet nie? Want dit is hoogs afgesonderd, en Hy het dit aan julle gegee om die ongeregtigheid van die vergadering weg te neem, om versoening vir hulle te doen voor יהוה.

¹⁸ "Kyk, die bloed daarvan is nie binne in die afgesonderde plek gebring nie. Julle moes dit verseker in die afgesonderde plek geëet het soos ek beveel het."

¹⁹ En Aharon het vir Moshe gesê: "Kyk, hulle het vandag hul sondeoffer en hul brandoffer voor יהוה gebring, en sulke dinge het my oorgekom. Indien ek vandag sondeoffer geëet het, sou dit goed gewees het in die oë van יהוה?"

²⁰ En toe Moshe dit gehoor het, was dit goed in sy oë.

11 En יהוה het met Moshe en Aharon gepraat en vir hulle gesê:

² "Praat met die kinders van Jisra'ël en sê: 'Dit is die diere wat julle mag eet van al die viervoetige diere wat op die aarde is.

³ 'Alles wat onder die diere gesplete kloue het, en wel heeltemal gesplete kloue, en herkou dit mag julle eet.

⁴ 'Maar die volgende mag julle nie eet nie van die wat herkou en van die wat gesplete kloue het: die kameel, want hy

WAJIKRA 11

herkou, maar het geen gesplete kloue nie onrein is hy vir julle.

⁵ 'En die das, want hy herkou, maar het geen gesplete kloue nie onrein is hy vir julle.

⁶ 'En die haas, want hy herkou, maar het geen gesplete kloue nie onrein is hy vir julle.

⁷ 'En die vark, want hy het gesplete kloue, heeltemal gesplete kloue, maar hy herkou nie - hy is onrein vir julle.

⁸ 'Van hulle vleis mag julle nie eet nie en aan hulle aas nie raak nie, hulle is onrein vir julle.

⁹ 'Dit mag julle eet van alles wat in die water is: alles wat vinne en skubbe het in die water, in die see en in die riviere dit mag julle eet.

¹⁰ 'Maar alles wat geen vinne en skubbe het in die see en in die riviere nie, van al die gewemel van die water en van al die lewende wesens wat in die water is 'n gruwel is dit vir julle.

¹¹ 'Ja, 'n gruwel moet hulle vir julle wees, van hulle vleis mag julle nie eet nie, en hulle aas moet julle vir 'n gruwel hou.

¹² 'Alles wat geen vinne of skubbe in die water het nie is 'n gruwel vir julle.

¹³ 'En die volgende moet julle van die voëls vir 'n gruwel hou hulle mag nie geëet word nie, 'n gruwel is hulle: die arend en die lammervanger en die aasvoël,

¹⁴ en die kuikendief en die valk volgens sy soorte,

¹⁵ elke kraai volgens sy soorte,

¹⁶ en die volstruis en die naguil en die seemeeu en die kleinvalk volgens sy soorte,

¹⁷ en die steenuil en die visvanger en die steenuil,

¹⁸ en die silweruil en die pelikaan en die klein aasvoël,

¹⁹ en die groot ooievaar, die reier volgens sy soorte, die hoep hoep en die vlermuis.

²⁰ 'Al die insekte met vlerke wat op vier pote loop 'n gruwel is hulle vir julle.

²¹ 'Maar die volgende mag julle eet van al die insekte met vlerke wat op vier pote

loop: wat bokant die pote springbene het om daarmee op die grond te spring.

²² 'Van hulle mag julle die volgende eet: die treksprinkaan volgens sy soorte en die boomsprinkaan volgens sy soorte en die springer volgens sy soorte en die voetganger volgens sy soorte.

²³ 'Maar al die ander insekte met vlerke wat vier pote het 'n gruwel is hulle vir julle.

²⁴ 'En deur hierdie diere word julle verontreinig elkeen wat aan hulle aas raak, sal tot die aand toe onrein wees;

²⁵ en elkeen wat van hulle aas dra, moet sy klere was en sal tot die aand toe onrein wees

²⁶ aan al die diere wat gesplitste kloue het, wat nie heeltemal gesplits is nie, en wat nie herkou nie. Onrein is hulle vir julle. Elkeen wat aan hulle raak, sal onrein wees.

²⁷ 'En alles wat op kaal pote loop onder al die viervoetige diere onrein is hulle vir julle. Elkeen wat aan hulle aas raak, sal tot die aand toe onrein wees.

²⁸ 'En hy wat hulle aas dra, moet sy klere was en sal onrein wees tot die aand toe. Onrein is hulle vir julle.

²⁹ 'En die volgende is vir julle onrein onder die ongediertes wat op die aarde wemel: die mol en die muis en die akkedis volgens sy soorte,

³⁰ en die krimparkie en die geitjie en die klipsalmander en die koggelmander en die verkleurmannetjie.

³¹ 'Hulle is vir julle onrein onder al die ongediertes. Elkeen wat aan hulle raak as hulle dood is, sal tot die aand toe onrein wees.

³² 'En alles waar een van hulle op val as hulle dood is, sal onrein wees, enige houtvoorwerp of kledingstuk of vel of sak, elke ding waarmee werk gedoen word; dit moet in die water gesit word en sal tot die aand toe onrein wees, dan sal dit rein wees.

³³ 'En elke erdevoorwerp waar een van hulle in val alles wat daarin is, sal onrein wees, en julle moet die voorwerp self

stukkend breek;

³⁴ enige voedsel wat geëet word waar water op kom, sal daarin onrein wees, en enige drank wat in so 'n voorwerp, van watter soort ook, gedrink kan word, sal onrein wees.

³⁵ En alles waar iets van hulle aas op val, sal onrein wees; 'n bakoond of 'n drievoet moet stukkend geslaan word; hulle is onrein, en onrein moet hulle vir julle wees.

³⁶ 'Maar 'n fontein of put, 'n versamelplek van water, sal rein wees; maar hy wat aan die aas daarin raak, sal onrein wees.

³⁷ 'En wanneer van hulle aas val op enige saad wat gesaai word dit sal rein wees.

³⁸ 'Maar wanneer daar water op die saad gegooi word, en van hulle aas daarop val, dan sal dit vir julle onrein wees.

³⁹ 'En wanneer daar van die diere wat julle as voedsel dien, doodgaan, sal hy wat aan die aas raak, tot die aand toe onrein wees;

⁴⁰ en hy wat van dié aas eet, moet sy klere was en sal onrein wees tot die aand toe. En hy wat dié aas dra, moet sy klere was en sal onrein wees tot die aand toe.

⁴¹ 'En al die ongediertes wat op die aarde wemel, is 'n gruwel dit mag nie geëet word nie.

⁴² 'Alles wat op die buik seil en alles wat op vier pote loop, ook alles wat baie pote het, naamlik al die ongediertes wat op die aarde wemel julle mag dit nie eet nie, want dit is 'n gruwel.

⁴³ 'Moenie julle self 'n gruwel maak deur enige ongedierte wat wemel nie: julle moet jul daaraan nie verontreinig, sodat julle daardeur onrein word nie.

⁴⁴ 'Want Ek is יהוה julle Elohim, wys dan dat julle afgesonder is en wees afgesonder, want Ek is afgesonder. Daarom, verontreinig julle self nie deur enige ongedierte wat op die aarde kruip nie.

⁴⁵ 'Want Ek is יהוה wat julle uit die land van Mitsrajim laat optrek het om julle Elohim te wees. So moet julle dan afgesonderd wees, omdat Ek afgesonderd is.

⁴⁶ Dit is die Tora oor die diere en die

voëls en al die lewende wesens wat roer in die water en aangaande al die wesens wat op die aarde wemel,

⁴⁷ om te onderskei tussen wat onrein en rein is, en tussen die diere wat geëet en die diere wat nie geëet mag word nie.

12 En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

² 'Praat met die kinders van Jisra'el en sê: 'Wanneer 'n vrou swanger word en 'n seun baar, sal sy sewe dae lank onrein wees; soos in die dae van die onreinheid, sal sy onrein wees.

³ 'En op die agtste dag moet hy aan die vlees van sy voorhuid besny word.

⁴ 'En sy moet drie en dertig dae in die reinigingsbloed bly. Sy moet aan niks wat afgesonderd is raak nie en sy mag nie in die afgesonderde plek kom nie totdat die dae van haar reiniging verby is.

⁵ 'Maar indien sy 'n dogter baar, sal sy twee weke onrein wees soos by haar maandelikse onreinheid. En moet sy ses en sestig dae in die reinigingsbloed bly.

⁶ 'En wanneer die dae van haar reiniging in die geval van 'n seun of 'n dogter verby is, moet sy 'n jaaroud lam as brandoffer en 'n jong duif of tortelduif as sondeoffer bring na die ingang van die tent van ontmoeting, na die priester toe;

⁷ dié moet dit offer voor יהוה en vir haar versoening doen; dan sal sy rein wees van haar bloedvloeiing. Dit is die Tora van haar wat baar, in die geval van 'n seun of 'n dogter.

⁸ 'Maar indien sy nie 'n lam kan bekostig nie, moet sy twee tortelduiwe of twee jong duiwe neem, een as brandoffer en een as sondeoffer; en die priester moet vir haar versoening doen; en sal sy rein wees.'

13 En יהוה het met Moshe en Aharon gepraat en gesê:

² 'Wanneer 'n mens in die vel van sy vlees 'n swelsel of uitslag of ligte vlek het, en dit in die vel van sy vlees 'n plaag van melaatsheid word, moet hy na die priester Aharon of na een van sy seuns,

WAJIKRA 13

die priesters, gebring word;

³ en die priester moet na die aangetaste plek in die vel van die vlees kyk. Het die hare op die plek wit geword, en lyk dit of die plek dieper is as die vel van sy vlees, dan is dit die plaag van melaatsheid. As die priester dit sien, moet hy hom onrein verklaar.

⁴ "Maar indien dit 'n wit vlek in die vel van sy vlees is en dit nie dieper lyk as die vel nie, en die hare daarvan nie wit geword het nie, moet die priester die aangetaste persoon sewe dae lank opsluit.

⁵ "Wanneer die priester hom op die sewende dag bekyk en sien dat die aangetaste plek, volgens hy kan sien, dieselfde gebly het, die plek nie in die vel versprei het nie, dan moet die priester hom nog 'n keer sewe dae lank opsluit.

⁶ "Bekyk die priester hom dan op die sewende dag nog 'n keer en sien hy dat die aangetaste plek dof van kleur geword en die plek in die vel nie versprei het nie, dan moet die priester hom rein verklaar. Dit is 'n uitslag; en hy moet sy kleres was, dan is hy rein.

⁷ "Maar indien die uitslag werklik in die vel versprei nadat hy hom aan die priester vertoon het om rein te word, moet hy hom nog 'n keer aan die priester vertoon.

⁸ "En sien die priester dat die uitslag in die vel versprei het, dan moet die priester hom onrein verklaar. Dit is melaatsheid.

⁹ "Wanneer die plaag van melaatsheid aan 'n mens is, moet hy na die priester gebring word.

¹⁰ "En indien die priester sien dat daar 'n wit swelsel in die vel is wat die hare wit gemaak het, terwyl daar wilde vlees in die swelsel groei,

¹¹ dan is dit 'n verouderde melaatsheid in die vel van sy vlees, en die priester moet hom onrein verklaar. Hy moet hom nie opsluit nie, want hy is onrein.

¹² "Maar indien die melaatsheid so geweldig in die vel uitbreek, dat die

melaatsheid die hele vel van die aangetaste persoon van sy kop tot sy voete oordek, so ver as wat die oë van die priester kan sien;

¹³ en sien die priester dat die melaatsheid sy hele vlees oordek het, dan moet hy die aangetaste persoon rein verklaar: hy het heeltemal wit geword, hy is rein.

¹⁴ "Maar so gou as wilde vlees aan hom gesien word, sal hy onrein wees;

¹⁵ en wanneer die priester die wilde vlees sien, moet hy hom onrein verklaar. Die wilde vlees is onrein, dit is melaatsheid.

¹⁶ "Maar indien die wilde vlees weer weggaan en hy wit word, moet hy na die priester kom.

¹⁷ "Wanneer die priester hom dan bekyk en sien dat die aangetaste plek wit geword het, dan moet die priester die aangetaste persoon rein verklaar; hy is rein.

¹⁸ "Maar indien daar in die vlees aan hom, naamlik in die vel, 'n sweer is en gesond word,

¹⁹ maar in die plek van die sweer 'n wit swelsel of 'n rooierige wit vlek kom, moet hy hom aan die priester vertoon.

²⁰ "Indien die priester sien dat dit dieper lyk as die vel, en die hare daarvan wit geword het, dan moet die priester hom onrein verklaar; dit is 'n plaag van melaatsheid, dit het in die sweer uitgebreek.

²¹ "Maar wanneer die priester dit bekyk, en daar geen wit hare op is nie, en dit nie dieper as die vel is nie en dof van kleur geword het, dan moet die priester hom sewe dae lank opsluit.

²² "En indien dit werklik in die vel versprei, moet die priester hom onrein verklaar; dit is 'n plaag van melaatsheid.

²³ "Maar indien die ligte vlek bly waar dit is, nie versprei het nie, is dit die litteken van die sweer, en die priester moet hom rein verklaar.

²⁴ "Of wanneer die vlees, in sy vel 'n brandplek van vuur is en die nuwe vlees van die brandplek 'n rooierige wit of wit vlek is;

WAJIKRA 13

²⁵ en die priester dit bekyk en sien dat die hare op die ligte vlek wit geword het en dit dieper lyk as die vel, dan is dit melaatsheid; in die brandplek het dit uitgebreek. Daarom moet die priester hom onrein verklaar; dit is die plaag van melaatsheid.

²⁶ "Maar wanneer die priester dit bekyk en sien dat op die ligte vlek geen wit hare is nie, en dit nie dieper as die vel is nie en dof van kleur geword het, dan moet die priester hom sewe dae lank opsluit.

²⁷ "Dan moet die priester op die sewende dag hom bekyk. Indien dit werklik in die vel versprei het, moet die priester hom onrein verklaar; dit is die plaag van melaatsheid.

²⁸ "Maar indien die ligte vlek bly waar dit is, nie in die vel versprei het nie en dof van kleur geword het, dan is dit die swelsel van die brandplek. Daarom moet die priester hom rein verklaar, want dit is die litteken van die brandplek.

²⁹ "En, wanneer daar by 'n man of vrou 'n aangetaste plek aan die kop of in die baard is,

³⁰ en die priester die plek bekyk en sien dat dit dieper lyk as die vel, en daar geel dun hare op is, dan moet die priester hom onrein verklaar; dit is skurfte, dit is melaatsheid van die kop of van die baard.

³¹ "Maar wanneer die priester die plaag van skurfte bekyk en sien dat dit nie dieper as die vel lyk nie, en daar geen swart hare op is nie, dan moet die priester die deur skurfte aangetaste persoon sewe dae lank opsluit.

³² "Bekyk die priester dan op die sewende dag die aangetaste plek en sien hy dat die skurfte nie versprei het nie, en daar geen geel hare op is nie, en die skurfte nie dieper lyk as die vel nie,

³³ dan moet die persoon hom skeer, maar die skurwe plek moet hy nie skeer nie, en die priester moet die skurwe persoon nog 'n keer sewe dae lank opsluit.

³⁴ "Bekyk die priester dan die skurfte op

die sewende dag en sien hy dat die skurfte nie in die vel versprei het nie en dit nie dieper as die vel lyk nie, dan moet die priester hom rein verklaar. En hy moet sy klere was en sal rein wees.

³⁵ "Maar idien die skurfte werklik in die vel versprei nadat hy rein verklaar is,

³⁶ en die priester dit bekyk en sien dat die skurfte in die vel versprei het, dan moet die priester nie na die geel hare te soek nie; hy is onrein.

³⁷ "Maar indien die skurfte, volgens hy kan sien, dieselfde gebly en swart hare daarop gegroei het, dan is die skurfte gesond. Hy is rein, en die priester moet hom rein verklaar.

³⁸ "Verder, wanneer 'n man of vrou in die vel van hulle vlees ligte vlekke, wit vlekke het,

³⁹ en die priester sien dat daar dowwe wit vlekke in die vel van hulle vlees is, dan is dit gewone uitslag wat in die vel uitgebreek het; hy is rein.

⁴⁰ "En wanneer 'n man se kop kaal word, is hy 'n kaalkop; hy is rein.

⁴¹ "En indien sy kop aan die voorkant kaal word, het hy 'n bles; hy is rein.

⁴² "Maar wanneer daar in die kaalte of in die bles 'n rooierige wit plek is, dan is dit melaatsheid wat uitbreek in die kaalte of in die bles.

⁴³ "Wanneer die priester dit bekyk en sien dat die swelsel van die aangetaste plek in die kaalte of in die bles rooierig wit is, wat lyk soos die melaatsheid van die vel van die vlees,

⁴⁴ dan is hy 'n melaatse, hy is onrein; die priester moet hom sekerlik onrein verklaar; op sy kop het hy die plaag.

⁴⁵ "Verder moet in die klere van die melaatse op wie die plaag is, skeure wees, en sy hare moet los hang; ook moet hy sy baard bedek en roep: 'Onrein, onrein!'

⁴⁶ "Al die tyd dat die plaag op hom is, sal hy onrein wees. Onrein is hy; alleen moet hy woon; buitekant die laer moet sy woning wees.

⁴⁷ "En wanneer daar in 'n kledingstuk die

WAJIKRA 14

plaag van melaatsheid is, in 'n kledingstuk van wol of linne;

⁴⁸ of in die skeerdraad of die inslag van linne of wol, of in 'n vel of enige leerwerk;

⁴⁹ en die aangetaste plek in die kledingstuk of in die vel of in die skeerdraad of die inslag of in enige leervoerwerp liggroen of rooierig is, dan is dit 'n plaag van melaatsheid, en hulle moet die priester dit laat sien.

⁵⁰ "Die priester moet dan die aangetaste plek bekyn en die aangetaste voorwerp sewe dae lank opsluit.

⁵¹ "Dan moet hy op die sewende dag die plek bekyn; indien die plaag versprei het in die kledingstuk of in die skeerdraad of die inslag of in die vel, vir watter diens die vel ook al verwerk is, dan is die plaag 'n kwaadaardige melaatsheid; so iets is onrein.

⁵² "Daarom moet hy die kledingstuk of die skeerdraad of die inslag van wol of van linne of enige leervoerwerp waarin die aangetaste plek is, verbrand; want dit is 'n kwaadaardige melaatsheid. Dit moet met vuur verbrand word.

⁵³ "Maar indien die priester sien dat die plek in die kledingstuk of in die skeerdraad of die inslag of in enige leervoerwerp nie versprei het nie,

⁵⁴ dan moet die priester beveel dat hulle die voorwerp was waar die plek aan is; en hy moet dit nog 'n keer sewe dae lank opsluit.

⁵⁵ "Wanneer die priester dan die aangetaste voorwerp bekyn, nadat dit gewas is, en sien dat die plek nog net so lyk, hoewel die plek nie versprei het nie, dan is dit onrein; jy moet dit met vuur verbrand. Dit is 'n invreting aan die agter of aan die voorkant.

⁵⁶ "Maar indien die priester sien dat die plek, nadat dit gewas is, dof van kleur geword het, dan moet hy dit uit die kledingstuk of uit die vel of uit die skeerdraad of die inslag uitskeur.

⁵⁷ "Maar indien dit nog in die kledingstuk of in die skeerdraad of die inslag of in

enige leervoerwerp gesien word, dan is dit 'n melaatsheid wat weer uitbreek; jy moet die aangetaste voorwerp met vuur verbrand.

⁵⁸ "Maar die kledingstuk of die skeerdraad of die inslag of enige leervoerwerp wat jy was as die plek daaruit verdwyn het, moet dit nog 'n keer gewas word, en dit sal rein wees.

⁵⁹ "Dit is die Tora oor die plaag van melaatsheid in 'n kledingstuk van wol of linne of in die skeerdraad of die inslag of enige leervoerwerp, om dit rein of onrein te verklaar."

14 **En יהוה** het met Moshe gepraat en gesê:

² "Dit is die Tora van die melaatse op die dag van sy reiniging. Hy moet na die priester gebring word,

³ en die priester moet buitekant die laer gaan. En die priester moet kyk en sien of die plaag van melaatsheid genees het, in die melaatse,

⁴ dan moet die priester beveel dat hulle vir hom wat gereinig moet word, twee lewendige rein voëls en sederhout en skarlakendraad en hisop moet bring.

⁵ "Die priester moet ook beveel dat hulle die een voël in 'n erdepot oor vars water slag.

⁶ "Die lewendige voël moet hy neem, sowel as die sederhout en die skarlakendraad en die hisop, en dié en die lewendige voël insteek in die bloed van die voël wat oor die vars water geslag is.

⁷ "En hy moet op hom wat van die melaatsheid gereinig moet word, sewe maal sprinkel en hom reinig, en die lewendige voël moet hy oor die oop veld laat wegvlieg.

⁸ "Dan moet hy wat gereinig moet word, sy klere was en al sy hare afskeer en 'n bad in water neem; dan sal hy rein wees. En daarna kan hy in die laer kom, maar hy moet sewe dae lank buitekant sy tent bly.

⁹ "En op die sewende dag moet hy al sy hare afskeer, sy kop en sy baard en sy

WAJIKRA 14

wenkbroue al sy hare moet hy afskeer; en hy moet sy klere was en sy liggaam in die water bad. Dan sal hy rein wees.

¹⁰ "En op die agtste dag moet hy twee lammers sonder gebrek neem en een jaaroud oilam sonder gebrek en drie tiendes van 'n ěfa fynmeel as graanoffer, met olie gemeng, en een log olie.

¹¹ "En die priester wat die reiniging bewerk, moet die man wat gereinig word, en dié gawes voor יהוה by die ingang van die tent van ontmoeting stel.

¹² "En die priester moet die een lam neem en dit saam met die log olie as skuldoffer aanbring en dit as beweging voor יהוה beweeg.

¹³ "Dan moet hy die lam slag op die plek waar hulle die sondeoffer en die brandoffer slag, in die afgesonderde plek; want die skuldoffer net soos die sondeoffer behoort aan die priester; hoogafgesonderd is dit.

¹⁴ "En die priester moet van die bloed van die skuldoffer neem, en die priester moet dit smeer aan die regteroorlel van hom wat gereinig word, en aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet.

¹⁵ "Die priester moet ook van die log olie neem en dit giet in die priester se linkerhand.

¹⁶ "Dan moet die priester sy regtervinger in die olie steek wat in sy linkerhand is, en met sy vinger van die olie sewe maal sprinkel voor יהוה.

¹⁷ "En van die orige olie wat in sy hand is, moet die priester aan die regteroorlel smeer van hom wat gereinig word, en aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet, bo oor die bloed van die skuldoffer.

¹⁸ "Die oorblyfsel van die olie wat in die priester se hand is, moet hy op die kop smeer van hom wat gereinig word. So moet die priester dan vir hom versoening doen voor יהוה.

¹⁹ "Die priester moet ook die sondeoffer berei en vir hom wat gereinig word, versoening doen weens sy onreinheid; en

daarna moet hy die brandoffer slag.

²⁰ "En die priester moet die brandoffer en die graanoffer op die altaar offer. So moet die priester dan vir hom versoening doen, en hy sal rein wees.

²¹ "Maar ingeval hy arm is en dit nie kan bekostig nie, moet hy een lam as skuldoffer neem om beweeg te word, om vir hom versoening te doen; daarby een tiende van 'n ěfa fynmeel met olie gemeng as graanoffer, en 'n log olie;

²² ook twee tortelduiwe of twee jong duiwe wat hy kan bekostig; en die een sal wees 'n sondeoffer en die ander 'n brandoffer.

²³ "Hy moet hulle dan op die agtste dag ná sy reiniging na die priester bring by die ingang van die tent van ontmoeting voor יהוה.

²⁴ "En die priester moet die skuldofferlam en die log olie neem; en die priester moet dit as beweging voor יהוה beweeg.

²⁵ "Dan moet hy die skuldofferlam slag, en die priester moet van die bloed van die skuldoffer neem en dit aan die regteroorlel smeer van hom wat gereinig word, en aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet.

²⁶ "Ook moet die priester van die olie in die priester se linkerhand giet.

²⁷ "Dan moet die priester met sy regtervinger van die olie wat in sy linkerhand is, sewe maal sprinkel voor יהוה.

²⁸ "En die priester moet van die olie wat in sy hand is, aan die regteroorlel smeer van hom wat gereinig word, en aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet, bo oor die plek van die bloed van die skuldoffer.

²⁹ "Die oorblyfsel van die olie wat in die priester se hand is, moet hy op die kop smeer van hom wat gereinig word, om versoening vir hom te doen voor יהוה.

³⁰ "En hy moet een van die tortelduiwe berei of van die jong duiwe wat hy kan bekostig

³¹ die een as sondeoffer en die ander as brandoffer, saam met die graanoffer. So moet die priester dan vir hom wat ge-

WAJIKRA 15

reinig word, versoening doen voor יהוה.

³² "Dit is die Tora vir hom op wie die plaag van melaatsheid was, wat by sy reiniging nie vermoënd is nie."

³³ En יהוה het met Moshe en Aharon gepraat en gesê:

³⁴ "Wanneer julle in die land Kanaän inkom wat Ek julle as besitting gee, en Ek die plaag van melaatsheid in 'n huis van die land van julle besitting laat kom,

³⁵ moet hy aan wie die huis behoort, kom en aan die priester te kenne gee en sê: 'Dit lyk my of daar 'n plaag in die huis is.'

³⁶ "En die priester moet beveel dat hulle die huis ontruim, voordat die priester die plaag kom bekyk, sodat alles wat in die huis is, nie onrein word nie; en daarna moet die priester kom om die huis te bekyk.

³⁷ "Wanneer hy die plaag bekyk en sien dat die plaag aan die mure van die huis is soos liggroen of rooierige kuiltjies, en hulle dieper lyk as die muur,

³⁸ dan moet die priester uit die huis uitgaan na die deur van die huis en die huis sewe dae lank toesluit.

³⁹ "Op die sewende dag moet die priester dan terugkom; sien hy dan dat die plaag hom uitgebrei het aan die mure van die huis,

⁴⁰ dan moet die priester beveel dat hulle die klippe uitbreek waaraan die plaag is, en dit buitekant die stad op 'n onrein plek gooi.

⁴¹ "En die huis moet hulle binnekant rondom afkrap en die klei wat hulle afgekrap het, buitekant die stad op 'n onrein plek weggooi.

⁴² "Dan moet hulle ander klippe neem en in die plek van daardie klippe insit, en hulle moet ander klei neem en die huis pleister.

⁴³ "Maar indien die plaag weer in die huis uitbreek nadat hulle die klippe uitgebrei en die huis afgekrap het en dit gepleister is,

⁴⁴ moet die priester kom; en indien hy sien dat die plaag in die huis versprei het, dan is dit 'n kwaadaardige

melaatsheid in die huis; dit is onrein.

⁴⁵ "Daarom moet hulle die huis afbreek: sy klippe en sy hout en al die klei van die huis, en hulle moet dit buitekant die stad op 'n onrein plek uitbring.

⁴⁶ "En hy wat in die huis kom, al die tyd dat hulle dit toegesluit hou, sal tot die aand toe onrein wees.

⁴⁷ "En hy wat in die huis slaap, moet sy klere was; en hy wat in die huis eet, moet sy klere was.

⁴⁸ "Maar indien die priester kom en sien dat die plaag nie in die huis versprei het nadat die huis gepleister is nie, dan moet die priester die huis rein verklaar, want die aangetaste plek het gesond geword.

⁴⁹ "Dan moet hy om die huis te reinig twee voëls neem en sederhout en skarlakendraad en hisop,

⁵⁰ en die een voël in 'n erdepot oor vars water slag.

⁵¹ "Dan moet hy die sederhout en die hisop en die skarlakendraad en die lewendige voël neem en dit in die bloed van die geslagte voël en in die vars water insteek; en hy moet die huis sewe maal besprinkel.

⁵² "So moet hy dan die huis reinig met die bloed van die voël sowel as met die vars water en die lewendige voël en die sederhout en die hisop en die skarlakendraad.

⁵³ "Daarop moet hy die lewendige voël buitekant die stad oor die oop veld laat wegvlieg. So moet hy dan vir die huis versoening doen, en dit sal rein wees.

⁵⁴ "Dit is die Tora oor elke plaag van melaatsheid en oor skurfte

⁵⁵ en oor melaatsheid van klere en huise ⁵⁶ en oor swelsels en uitslag en ligte vlekke,

⁵⁷ om te onderrig wanneer iets onrein en wanneer iets rein is. Dit is die Tora oor die melaatsheid."

15 En יהוה het met Moshe en Aharon gepraat en gesê:

² "Praat met die kinders van Jisra'ël en sê vir hulle: 'Wanneer enige man 'n vloeiing uit sy vlees het, dan is dié vog onrein.

WAJIKRA 15

³ En dit sal sy onreinheid deur die vloeiing wees; of sy vlees die vog laat loop of sy vlees verstop raak van die vog dit is 'n onreinheid in hom.

⁴ 'Elke bed waar hy op lê wat die vloeiing het, sal onrein wees; en alles waar hy op sit, sal onrein wees.

⁵ 'En elkeen wat aan sy bed raak, moet sy klere was en 'n bad in water neem en hy bly tot die aand toe onrein;

⁶ en die een wat gaan sit op die voorwerp waarop hy gesit het wat die vloeiing het, moet sy klere was en 'n bad in water neem en hy bly tot die aand toe onrein;

⁷ en die een wat aan die liggaam raak van hom wat die vloeiing het, moet sy klere was en 'n bad in water neem en hy bly tot die aand toe onrein.

⁸ 'En as hy wat die vloeiing het, op 'n reine spuug, moet dié een sy klere was en 'n bad in water neem, en hy bly tot die aand toe onrein.

⁹ 'En elke saal waar hy op ry wat die vloeiing het, sal onrein wees.

¹⁰ 'En elkeen wat aan iets raak wat onder hom is, sal onrein wees tot die aand toe. En die een wat dit dra, moet sy klere was en 'n bad in water neem en hy bly tot die aand toe onrein.

¹¹ 'En elkeen aan wie hy raak wat die vloeiing het, sonder dat hy eers sy hande in die water afgespoel het, dié een moet sy klere was en 'n bad in water neem, en hy bly tot die aand toe onrein.

¹² 'Ook die erdegoed waar hy aan raak wat die vloeiing het, moet stukkend gebreek word; maar al die voorwerpe van hout moet in die water afgespoel word.

¹³ 'En wanneer hy wat die vloeiing het, van sy vloeiing rein word, moet hy sewe dae tel ná sy reiniging en sy klere was en sy liggaam in vars water bad; dan sal hy rein wees.

¹⁴ 'En op die agtste dag moet hy vir hom twee tortelduiwe of twee jong duiwe neem en voor יהוה kom, by die ingang van die tent van ontmoeting, en dié aan

die priester gee;

¹⁵ en die priester moet hulle berei, die een as sondeoffer en die ander as brandoffer; so moet die priester dan vir hom weens sy vloeiing versoening doen voor יהוה'.

¹⁶ 'En wanneer daar van 'n man 'n saadvloeiing uitgaan, moet hy sy hele liggaam in die water bad, en hy sal tot die aand toe onrein wees.

¹⁷ 'Ook elke kledingstuk en elke vel waar die saadvloeiing op kom, moet in die water gewas word en dit bly tot die aand toe onrein.

¹⁸ 'En wat die vrou aangaan met wie 'n man vleeslike gemeenskap het altwee moet 'n bad in water neem en sal tot die aand toe onrein wees.

¹⁹ 'En wanneer 'n vrou 'n vloeiing het, en die vloeiing in haar vlees bloed is, dan bly sy sewe dae lank in haar onreinheid; en elkeen wat aan haar raak, sal tot die aand toe onrein wees.

²⁰ 'En alles waar sy in haar onreinheid op lê, sal onrein wees; en alles waar sy op sit, sal onrein wees.

²¹ En elkeen wat aan haar bed raak, moet sy klere was en 'n bad in water neem en hy bly tot die aand toe onrein.

²² 'En elkeen wat raak aan enige voorwerp waar sy op sit, moet sy klere was en 'n bad in water neem en hy bly tot die aand toe onrein;

²³ en indien daar iets op die bed is of op die voorwerp waar sy op sit, as hy dit aanraak, sal hy tot die aand toe onrein wees.

²⁴ 'En indien 'n man met haar gemeenskap het, sodat haar onreinheid op hom kom, sal hy sewe dae lank onrein wees; en elke bed waar hy op lê, sal onrein wees.

²⁵ 'En wanneer 'n vrou lank 'n bloedvloeiing het, buiten die tyd van haar onreinheid, of as sy vloei oor die tyd van haar onreinheid, moet sy gedurende al die dae van haar onreine vloeiing wees soos in die dae van haar maandelikse onreinheid; sy is onrein.

WAJIKRA 16

²⁶ 'Elke bed waar sy gedurende al die dae van haar vloeiing op lê, sal vir haar soos die bed van haar maandelikse onreinheid wees; en alles waar sy op sit, sal net so onrein wees soos iets wat deur haar maandelikse onreinheid verontreinig is.

²⁷ 'En elkeen wat aan hierdie dinge raak, sal onrein wees: dié een moet sy klere was en 'n bad in water neem en bly tot die aand toe onrein.

²⁸ 'Maar indien sy van haar vloeiing rein geword het, moet sy sewe dae tel, en daarna sal sy rein wees.

²⁹ 'En op die agtste dag moet sy vir haar twee tortelduiwe of twee jong duiwe neem en dié by die ingang van die tent van ontmoeting na die priester bring.

³⁰ 'Dan moet die priester die een as sondeoffer en die ander as brandoffer berei; en die priester moet weens haar onreine vloeiing vir haar versoening doen voor יהוה.

³¹ 'So moet julle dan die kinders van Jisra'el van hulle onreinheid afsonder, dat hulle nie deur hulle onreinheid sterf nie deurdat hulle My Woonplek wat in hulle midde is, verontreinig.

³² 'Dit is die Tora vir hom wat 'n vloeiing het en vir hom van wie 'n saadvloeiing uitgaan, sodat hy daardeur onrein word;

³³ en vir die vrou wat deur haar onreinheid onwel is, en vir die een wat aan 'n vloeiing ly, man of vrou, en vir 'n man wat met 'n onrein vrou gemeenskap het."

16 En na die dood van die twee seuns van Aharon, wat gesterf het toe hulle voor יהוה nader gekom het, het יהוה met Moshe gepraat

² en יהוה het aan Moshe gesê: "Praat met jou broer Aharon dat hy nie te eniger tyd in die afgesonderde plek, binnekant die voorhangsel, voor die deksel wat op die ark is, moet ingaan nie sodat hy nie sterf nie. Want Ek verskyn in die wolk op die deksel.

³ "Hiermee moet Aharon in die afgesonderde plek ingaan: met 'n jong bul as sondeoffer en 'n ram as brandoffer.

⁴ "Hy moet 'n afgesonderde linnekleeft aantrek en 'n linnebroek moet oor sy vlees wees en met 'n linnegordel moet hy hom gord en 'n linnetulband moet op sy kop wees. Dit is afgesonderde klere, en hy moet sy liggaam in water bad en dit aantrek.

⁵ "En van die vergadering van die kinders van Jisra'el moet hy twee bokramme as sondeoffer en een ram as brandoffer neem.

⁶ "En moet Aharon die sondeofferbul vir homself nader bring en vir hom en sy huis versoening doen.

⁷ "Hy moet ook die twee bokke neem en hulle voor יהוה stel by die ingang van die tent van ontmoeting.

⁸ "En Aharon moet oor die twee bokke die lot werp, een lot vir יהוה en een lot vir Azazel.^a

⁹ "En Aharon moet die bok waarop die lot vir יהוה gekom het nader bring en hom as sondeoffer berei,

¹⁰ maar die bok waarop die lot vir Azazel gekom het, moet lewendig voor יהוה gestel word, om oor hom versoening te bewerk deur hom vir Azazel in die woestyn te stuur.

¹¹ "Aharon moet dan die sondeofferbul vir homself laat aankom en vir hom en sy huis versoening doen: hy moet die sondeofferbul slag vir homself,

¹² en die vuurpan vol gloeiende kole van die altaar voor יהוה wegneem. Daarby twee handevol fyngestampde geurige wierook en dit binnekant die voorhangsel bring.

¹³ "En hy moet die wierook op die vuur lê voor יהוה, dat die wolk van die wierook die deksel wat op die getuienis is, kan oordek, sodat hy nie sterf nie.

¹⁴ "En hy moet van die bloed van die bul neem en dit met sy vinger op die deksel aan die oostekant sprinkel. En voor die deksel moet hy sewe maal met sy vinger van die bloed sprinkel.

¹⁵ "En hy die moet sondeofferbok vir die

^a Sondebok

WAJIKRA 16

volk slag, en sy bloed binnekant die voorhangsel bring en met sy bloed doen soos hy met die bloed van die bul gedoen het: hy moet dit sprinkel op die deksel en voor die deksel.

¹⁶ "So moet hy dan vir die afgesonderde plek versoening doen weens die onreinhede van die kinders van Jisra'ël en weens hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees. So moet hy dit ook doen vir die tent van ontmoeting wat by hulle te midde van hulle onreinhede woon.

¹⁷ "En niemand mag in die tent van ontmoeting wees wanneer hy ingaan om in die afgesonderde plek versoening te doen totdat hy uitkom nie en versoening gedoen het vir hom en vir sy huis en vir die hele vergadering van Jisra'ël.

¹⁸ "En hy moet na die altaar uitgaan wat voor יהוה is en daarvoor versoening doen: hy moet van die bloed van die bul en van die bloed van die bok neem en dit rondom aan die horings van die altaar smeer

¹⁹ en met sy vinger van die bloed sewe maal daarop sprinkel. So moet hy dit dan reinig en afsonder van die onreinhede van die kinders van Jisra'ël.

²⁰ "En wanneer hy die versoening van die afgesonderde plek en die tent van ontmoeting en die altaar voleindig het, moet hy die lewendige bok laat aankom.

²¹ "En Aharon moet sy twee hande op die kop van die lewendige bok lê en oor hom belydenis doen van al die ongeregthede van die kinders van Jisra'ël en al hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees. En hy moet dit op die kop van die bok lê en hom deur 'n man wat gereed staan, na die woestyn toe stuur.

²² "En die bok moet al hulle ongeregthede op hom na 'n woeste land wegdra, en hy moet die bok in die woestyn los.

²³ "En Aharon moet in die tent van ontmoeting ingaan en die linneklere uittrek wat hy aangetrek het toe hy in die afgesonderde plek ingegaan het, en dit

daar neerlê.

²⁴ "En hy moet sy liggaam op 'n afgesonderde plek in water bad en sy klere aantrek. En hy moet uitgaan en sy brandoffer en die brandoffer van die volk berei, om vir hom en vir die volk versoening te doen.

²⁵ "En hy moet die vet van die sondeoffer op die altaar aan die brand steek.

²⁶ "En hy wat die bok vir Azazel weggedryf het, moet sy klere was en sy liggaam in water bad, en daarna mag hy in die laer kom.

²⁷ "Maar die sondeofferbul en die sondeofferbok waarvan die bloed ingebring is om versoening te doen in die afgesonderde plek, moet hulle buitekant die laer uitbring, en hulle velle, hulle vleis en hulle mis moet met vuur verbrand word.

²⁸ "En hy wat dit verbrand, moet sy klere was en sy liggaam in water bad, en daarna mag hy in die laer kom.

²⁹ "En dit moet vir julle 'n ewige wet wees: in die sewende maand, op die tiende van die maand, moet julle jul verootmoedig en géén werk doen nie, die kind van die land sowel as die vreemdeling wat tussen julle vertoef.

³⁰ "Want op hierdie dag moet hy vir julle versoening doen om julle te reinig. Julle moet van al julle sondes voor יהוה rein word.

³¹ "n Sabbat van rus moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Dit is 'n ewige wet.

³² En die priester wat gesalf en aangestel sal word om in die plek van sy vader die priesteramp te bedien, moet die versoening doen. En hy moet die linneklere, die afgesonderde klere, aantrek

³³ en versoening doen vir die Mees Afgesonderde plek, en hy moet vir die tent van ontmoeting en die altaar versoening doen, en vir die priesters en die hele volk van die vergadering moet hy versoening doen.

³⁴ "En dit moet vir julle 'n ewige wet wees

WAJIKRA 18

om vir die kinders van Jisra'ël weens al hulle sondes een maal in die jaar versoening te doen." En hy het gedoen soos יהוה Moshe beveel het.

17 En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

² "Praat met Aharon en sy seuns en met al die kinders van Jisra'ël en sê vir hulle: 'Dit is die saak wat יהוה beveel het:

³ "Elkeen uit die huis van Jisra'ël wat 'n bees of 'n lam of 'n bok in die laer slag of dit buitekant die laer slag,

⁴ en dit nie na die ingang van die tent van ontmoeting bring om aan יהוה 'n offer voor die Woonplek van יהוה te bring nie moet dit as bloedskuld vir die man toegereken word. Hy het bloed vergiet, en dié man moet van sy volk afgesny word,

⁵ sodat die kinders van Jisra'ël hulle slagoffers wat hulle gewoon was om op die oop veld te offer, aan יהוה by die ingang van die tent van ontmoeting na die priester kan bring en dit as dankoffers aan יהוה kan slag.

⁶ "En die priester moet die bloed teen die altaar van יהוה by die ingang van die tent van ontmoeting sprinkel en die vet aan die brand steek as lieflike geur vir יהוה.

⁷ "En hulle mag nie meer hulle slagoffers slag vir die demone agter wie hulle aan hoereer nie. Dit moet vir hulle 'n ewige wet wees vir hulle geslagte."

⁸ "En jy moet vir hulle sê: 'Elkeen uit die huis van Jisra'ël en uit die vreemdelinge wat tussen hulle vertoef, wat 'n brandoffer of 'n slagoffer bring,

⁹ en dit nie by die ingang van die tent van ontmoeting bring om dit vir יהוה te berei nie dié man moet van sy volksgenote afgesny word.

¹⁰ "En elkeen uit die huis van Jisra'ël en uit die vreemdelinge wat tussen hulle vertoef, wat maar enigsins bloed eet teen die een wat die bloed eet, sal Ek My gesig rig en hom afsny van sy volk.

¹¹ "Want die lewe van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die

altaar gegee om vir julle lewens versoening te doen, want die bloed bewerk versoening vir die lewe.'

¹² "Daarom het Ek aan die kinders van Jisra'ël gesê: 'Niemand van julle mag bloed eet nie, ook die vreemdeling wat tussen julle vertoef, mag bloed eet nie.'

¹³ "En elkeen uit die kinders van Jisra'ël en uit die vreemdelinge wat tussen hulle vertoef, wat 'n stuk wild of 'n voël vang wat geëet mag word, moet die bloed daarvan laat uitloop en dit met grond toemaak,

¹⁴ want wat die lewe van alle vlees aangaan, sy bloed is met sy lewe verbind. Daarom het Ek aan die kinders van Jisra'ël gesê: 'Julle mag nie die bloed van enige vlees eet nie, want die lewe van alle vlees is sy bloed. Elkeen wat dit eet, moet afgesny word.'

¹⁵ "En elkeen wat aas eet of iets wat verskeur is, 'n kind van die land sowel as 'n vreemdeling, moet sy klere was en 'n bad in water neem, en hy bly tot die aand toe onrein. Dan sal hy rein wees.

¹⁶ "Maar indien hy dit nie was nie en sy liggaam nie bad nie, moet hy sy ongeregtigheid dra."

18 En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

² "Praat met die kinders van Jisra'ël en sê vir hulle: 'Ek is יהוה julle Elohim.

³ 'Volgens die werke van die land van Mitsrajim waar julle in gewoon het, mag julle nie doen nie; en volgens die werke van die land Kanaän waarheen Ek julle bring, mag julle nie doen nie, en julle mag nie in hulle wette wandel nie.

⁴ 'My regsreëlings moet julle doen en My wette hou om daarin te wandel. Ek is יהוה julle Elohim.

⁵ 'Hou dan My wette en My regsreëlings wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe. Ek is יהוה'.

⁶ 'Niemand van julle mag naby sy naaste bloedverwant kom om die naaktheid te ontbloot nie. Ek is יהוה.

⁷ 'Jy mag die naaktheid van jou vader en die naaktheid van jou moeder nie

ontbloom nie: sy is jou moeder jy mag haar naaktheid nie ontbloom nie.

⁸ 'Jy mag die naaktheid van die vrou van jou vader nie ontbloom nie, dit is die naaktheid van jou vader.

⁹ 'Die naaktheid van jou suster, die dogter van jou vader of die dogter van jou moeder, in die huis of buitekant gebore haar naaktheid mag jy nie ontbloom nie.

¹⁰ 'Die naaktheid van jou seun se dogter of van jou dogter se dogter hulle naaktheid mag jy nie ontbloom nie, want hulle is jou eie naaktheid.

¹¹ 'Die naaktheid van die dogter van jou vader se vrou, wat deur jou vader verwek is sy is jou suster, haar naaktheid mag jy nie ontbloom nie.

¹² 'Jy mag die naaktheid van jou vader se suster nie ontbloom nie, sy is jou vader se vlees.

¹³ 'Jy mag die naaktheid van jou moeder se suster nie ontbloom nie, want sy is jou moeder se vlees.

¹⁴ 'Jy mag die naaktheid van jou vader se broer nie ontbloom nie. Jy mag nie naby sy vrou kom nie, sy is jou tante.

¹⁵ 'Jy mag die naaktheid van jou skoonogter nie ontbloom nie, sy is jou seun se vrou. Jy mag haar naaktheid nie ontbloom nie.

¹⁶ 'Jy mag die naaktheid van jou broer se vrou nie ontbloom nie, dit is die naaktheid van jou broer.

¹⁷ 'Jy mag die naaktheid van 'n vrou en haar dogter nie ontbloom nie. Haar seun se dogter en haar dogter se dogter mag jy nie neem om haar naaktheid te ontbloom nie. Hulle is bloedverwante. Dit is bloedskanie.

¹⁸ 'Jy mag ook geen vrou by haar suster as mededingster byneem om haar naaktheid gelyk met die ander een, terwyl dié nog lewe, te ontbloom nie.

¹⁹ 'En jy mag nie naby 'n vrou kom terwyl sy onrein is deur haar onreinheid, om haar naaktheid te ontbloom nie.

²⁰ 'En jy mag geen vleeslike gemeenskap met jou naaste se vrou hê om jou met

haar te verontreinig nie.

²¹ 'En jy mag nie van jou kinders gee om vir Molog deur die vuur te laat gaan nie, dat jy die Naam van jou Elohim nie skend nie. Ek is יהוה.

²² 'Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel.

²³ 'En jy mag met geen dier vleeslike gemeenskap hê om jou daardeur te verontreinig nie. 'n Vrou mag ook nie voor 'n dier gaan staan om daarmee gemeenskap te hê nie. Dit is 'n gruwelike vermenging.

²⁴ 'Verontreinig julle nie deur al hierdie dinge nie, want deur al hierdie dinge is die heidene verontreinig wat Ek voor julle uit verdryf.

²⁵ 'So het die land dan onrein geword, en Ek besoek sy ongeregtheid daaraan, sodat die land sy inwoners uitspoeg.

²⁶ 'Maar julle moet My wette en My regsreëlings onderhou en niks van al hierdie gruwels doen nie, die kind van die land of die vreemdeling wat tussen julle vertoef.

²⁷ 'Want die mense van die land, wat voor julle was, het al hierdie gruwels gedoen, en die land het onrein geword.

²⁸ 'Laat die land julle dan nie uitspoeg deur dit te verontreinig nie, soos dit die nasie uitgespoeg het wat daar voor julle was.

²⁹ 'Want almal wat enigene van hierdie gruwels doen, die wesens wat dit doen, moet van hulle volk afgesny word.

³⁰ 'Daarom moet julle My bevel onderhou om niks te doen van die gruwelike dade wat voor julle gedoen is nie, dat julle jul nie daardeur verontreinig nie. Ek is יהוה julle Elohim."

19 En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

² "Praat met die hele vergadering van die kinders van Jisra'el en sê vir hulle: 'Julle moet afgesonder wees, want Ek, יהוה julle Elohim, is afgesonder.

³ 'Elkeen moet sy moeder en sy vader vrees, en My Sabbatte hou. Ek is יהוה

WAJIKRA 19

julle Elohim.

⁴ 'Moenie julle nie tot idole wend en moenie vir julle enige gegote elohim maak nie. Ek is יהוה julle Elohim.

⁵ 'En wanneer julle 'n dankoffer aan יהוה slag, slag dit vir julle aanvaarding.

⁶ 'Op die dag wat julle dit offer en die dag daarna, moet dit geëet word, maar wat tot die derde dag toe oorbly, moet met vuur verbrand word.

⁷ 'En indien dit tog op die derde dag geëet word, is dit onrein. Dit word nie aanvaar nie.

⁸ 'En hy wat dit eet, moet sy ongeregtheid dra, want wat afgesonder is aan יהוה, het hy geskend. Daarom moet dié wese uit sy volksgenote geroei word.

⁹ 'En wanneer julle die opbrengs van julle land oes, moet jy die kant van jou land nie heeltemal afoes en die are wat val, nie versamel nie.

¹⁰ 'Jou wingerd moet jy ook nie skoon afoes nie, en die trossies wat van jou wingerd val, nie versamel nie. Jy moet dit vir die arme en die vreemdeling laat oorbly. Ek is יהוה julle Elohim.

¹¹ 'Julle mag nie steel nie, en julle mag nie lieg nie, en julle mag die een die ander nie bedrieg nie.

¹² 'En julle mag nie vals sweer by My Naam en so die Naam van jou Elohim skend nie. Ek is יהוה.

¹³ 'Jy mag jou naaste nie verdruk of berooft nie. Die dagloner se loon mag nie by jou tot die môre toe bly nie.

¹⁴ 'Jy mag 'n dowe nie vloek nie, en voor die blinde geen struikelblok lê nie, maar jy moet jou Elohim vrees. Ek is יהוה.

¹⁵ 'Julle mag geen onreg doen in die gereg nie. Jy mag vir die geringe nie partydig wees nie en die aansienlike nie voortrek nie. Met geregtigheid moet jy oor jou naaste oordeel.

¹⁶ 'Jy mag nie as 'n kwaadprater onder jou volksgenote rondloop nie. Jy mag nie teen die lewe van jou naaste optree nie. Ek is יהוה.

¹⁷ 'Jy mag jou broer in jou hart nie haat

nie. Jy moet jou naaste vrymoedig berispe, sodat jy om sy ontwil geen sonde op jou laai nie.

¹⁸ 'Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is יהוה.

¹⁹ 'Julle moet My wette hou. Twee soorte van jou vee mag jy nie laat paar nie. Jou akker moet jy nie met twee soorte saad besaai nie. En 'n kledingstuk van twee soorte goed, van gemengde stof, mag nie op jou kom nie.

²⁰ 'En wanneer 'n man vleeslike gemeenskap het met 'n vrou wat 'n slavin is, vir 'n ander man bestemd, sonder dat sy ooit losgekoop of vryheid aan haar gegee is, dan moet daar bestraffing plaasvind. Hulle mag nie gedood word nie, want sy was nie vrygelaat nie.

²¹ 'En hy moet sy skuldoffer aan יהוה bring by die ingang van die tent van ontmoeting 'n ram as skuldoffer,

²² en die priester moet met die skuldofferram vir hom versoening doen voor יהוה weens die sonde wat hy gedoen het, en hy sal vergifnis ontvang vir sy sonde wat hy gedoen het.

²³ 'En wanneer julle in die land kom en allerhande vrugtebome plant, moet julle hulle vrugte as verbode beskou. Drie jaar lank moet hulle vir julle verbode wees, daar mag nie van geëet word nie.

²⁴ 'Maar in die vierde jaar moet al hulle vrugte 'n afgesonderde feesgawe aan יהוה wees,

²⁵ en in die vyfde jaar mag julle hulle vrugte eet. Dit alles om hulle opbrengs vir julle meer te maak. Ek is יהוה julle Elohim.

²⁶ 'Julle mag niks met bloed en al eet nie. Julle mag nie met verklaring van voortekens of goëtery omgaan nie.

²⁷ 'Julle mag nie die rand van julle kop rond wegskeer nie. Ook mag jy die rand van jou baard nie skend nie.

²⁸ 'Julle mag ook nie ter wille van 'n dooie enige snye in julle vlees maak nie en

WAJIKRA 20

geen ingeprikte tekening^b in julle vel maak nie. Ek is יהוה.

²⁹ Moenie jou dogter skend deur haar vir hoerery aan te hou nie, sodat die land nie hoereer en die land vol skandelike dade word nie.

³⁰ Julle moet My Sabbatte hou en My Afgesonderde plek ontsien. Ek is יהוה.

³¹ Draai julle nie na die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê nie. Soek hulle nie om julle deur hulle te verontreinig nie. Ek is יהוה julle Elohim.

³² Vir die grys hare moet jy opstaan, en die persoon van 'n grysaard ag, en jy moet jou Elohim vrees. Ek is יהוה.

³³ En wanneer 'n vreemdeling by jou in julle land vertoef, mag julle hom nie verdruk nie.

³⁴ Die vreemdeling wat by julle vertoef, moet vir julle wees soos 'n kind van die land wat tussen julle is. En jy moet hom liefhê soos jouself, want julle was vreemdelinge in die land van Mitsrajim. Ek is יהוה julle Elohim.

³⁵ Julle mag geen onreg doen in die gereg, in lengtemaat, gewig of inhoudsmaat nie.

³⁶ Julle moet 'n regte weegskaal hê, regte weegstene, 'n regte

WAJIKRA 21

doodslaan.

¹⁶ 'En 'n vrou wat naby enige dier kom om daarmee te paar: jy moet die vrou en die dier doodslaan. Hulle moet verseker doodgemaak word. Hulle bloedskuld is op hulle.

¹⁷ 'En 'n man wat sy suster neem, sy vader se dogter of sy moeder se dogter, en hy haar naaktheid sien en sy sy naaktheid sien, dit is 'n skande. Daarom moet hulle voor die oë van die kinders van hulle volk uitgeroei word. Hy het die naaktheid van sy suster ontbloot, hy moet sy ongeregtheid dra.

¹⁸ 'En 'n man wat met 'n vrou gemeenskap het wat onwel is, en haar naaktheid ontbloot, hy het haar fontein ontbloot en sy die fontein van haar bloed dan moet hulle altwee uitgeroei word onder hulle volk.

¹⁹ 'En jy mag die naaktheid van jou moeder se suster en van jou vader se suster nie ontbloot nie, want hy het sy bloedverwante ontbloot, hulle moet hul ongeregtheid dra.

²⁰ 'En 'n man wat met sy tante gemeenskap het, het die naaktheid van sy oom ontbloot. Hulle moet hul sonde dra, hulle sal sonder kinders sterf.

²¹ 'En 'n man wat sy broer se vrou neem; dit is bloedskande. Hy het die naaktheid van sy broer ontbloot; sonder kinders sal hulle wees.

²² 'Onderhou dan al My wette en al My regsreëlings en doen dit, dat die land waarheen Ek julle bring om daarin te woon, julle nie uitspoeg nie.

²³ 'En julle mag nie wandel in die wette van die nasie wat Ek voor julle uit verdryf nie, want al hierdie dinge het hulle gedoen, daarom verafsku Ek hulle.

²⁴ 'En Ek het vir julle gesê: "Julle sal hulle land in besit neem, en Ek sal dit aan julle as besitting gee, 'n land wat oorloep van melk en heuning." Ek is יהוה julle Elohim wat julle van die volke afgesonder het.

²⁵ 'Daarom moet julle 'n onderskeid maak tussen die rein en onrein diere, en tussen die onrein en rein voëls; en maak julleself

nie 'n gruwel deur diere of deur voëls of deur enigiets wat op die aarde roer nie wat Ek vir julle afgesonder het deur dit onrein te verklaar.

²⁶ 'En julle moet vir My afgesonderd wees, want Ek, יהוה, is afgesonderd, en Ek het julle van die volke afgesonder om Myne te wees.

²⁷ 'En indien daar in 'n man of vrou 'n gees van 'n afgestorwene is of 'n gees wat waarsê, moet hulle verseker doodgemaak word. Hulle moet gestenig word. Hulle bloedskuld is op hulle."

21 En יהוה het vir Moshe gesê: "Praat met die priesters, die seuns van Aharon, en sê vir hulle: 'Aan 'n dooie moet 'n priester hom nie verontreinig tussen sy volksgenote nie,

² behalwe aan sy bloedverwant, sy nabestaande: aan sy moeder en sy vader en sy seun en sy dogter en sy broer,

³ en aan sy suster wat 'n jongmeisie is, sy nabestaande, wat nie aan 'n man behoort het nie aan haar mag hy hom verontreinig.

⁴ 'Hy mag hom as leier nie verontreinig tussen sy volksgenote om hom te besoedel nie.

⁵ 'Hulle mag geen kaalte op hul kop maak en die rand van hulle baard nie wegskeer en in hulle vlees geen insnyding maak nie.

⁶ 'Hulle moet afgesonderd aan hulle Elohim wees en die Naam van hulle Elohim nie skend nie, want hulle offer die vuuroffers van יהוה, die spys van hulle Elohim, daarom moet hulle afgesonderd wees.

⁷ 'Hulle mag geen vrou neem wat 'n hoer of besoedel is nie, en 'n vrou wat deur haar man verstoot is, mag hulle nie neem nie, want hy is afgesonderd aan sy Elohim.

⁸ 'Daarom moet jy hom afgesonderd hou, omdat hy die spys van jou Elohim offer. Hy moet vir jou afgesonderd wees, want Ek יהוה is afgesonderd, wat julle afsonder.

⁹ 'En die dogter van 'n priester wat haar besoedel om te hoereer, sy besoedel haar

WAJIKRA 22

vader. Sy moet met vuur verbrand word.

¹⁰ 'En die priester wat die hoogste onder sy broers is, op wie se kop die salfolie uitgegiet is, en wat as priester aangestel is om die klere aan te trek hy mag sy hare nie laat loshang en geen skeure in sy klere maak nie.

¹¹ 'En hy mag by geen dooie kom nie, selfs aan sy vader en moeder hom nie verontreinig nie,

¹² en hy mag nie uit die afgesonderde plek gaan nie, sodat hy die afgesonderde plek van sy Elohim nie besoedel nie, want die wyding van die salfolie van sy Elohim is op hom. Ek is יהוה.

¹³ 'En hy moet 'n vrou in haar maagdelike staat neem.

¹⁴ 'n Weduwee of een wat verstoot is of 'n besodelde, of 'n hoer hulle moet hy nie neem nie, maar hy moet 'n jongmeisie uit sy volksgenote as vrou neem,

¹⁵ dat hy nie sy kroos tussen sy volksgenote besoedel nie, want Ek is יהוה wat hom afsonder."

¹⁶ En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

¹⁷ 'Praat met Aharon en sê: 'Niemand uit jou nakomelinge, in hulle geslagte, aan wie 'n liggaamsgebrek is, mag nader kom om die spys van sy Elohim te offer nie.

¹⁸ 'Want niemand aan wie 'n liggaamsgebrek is, mag nader kom nie: 'n blinde of 'n lamme of een wat in die gesig vermink is of iemand by wie 'n liggaamsdeel te lank is,

¹⁹ of iemand wat 'n been of 'n arm gebreek het,

²⁰ of wat 'n boggel het of uitgeteer is of 'n vlek in sy oog het of aan skurfte of uitslag ly of 'n beskadigde geslagsdeel het.

²¹ 'Geen man uit die saad van Aharon, die priester, aan wie 'n liggaamsgebrek is, mag nader kom om die vuuroffers van יהוה te offer nie. 'n Liggaamsgebrek is aan hom, hy mag nie nader kom om die spys van sy Elohim te offer nie.

²² 'Wat die spys van sy Elohim aangaan, hy mag van die hoog afgesonderde en

afgesonderde gawes eet,

²³ maar hy mag nie na die voorhangsel gaan en nie na die altaar nader kom nie, omdat 'n liggaamsgebrek aan hom is, dat hy My afgesonderde plekke nie besoedel nie, want Ek is יהוה wat hulle afsonder."

²⁴ En Moshe het dit aan Aharon en sy seuns gesê en aan al die kinders van Jisra'el.

22 En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

² 'Praat met Aharon en sy seuns dat hulle versigtig moet wees met die afgesonderde gawes van die kinders van Jisra'el wat hulle aan My afsonder sodat hulle nie My afgesonderde Naam besoedel nie. Ek is יהוה.

³ 'Sê vir hulle: 'Enigee in julle geslagte wat uit al julle nakomelinge na die afgesonderde gawes aankom wat die kinders van Jisra'el aan יהוה afsonder, terwyl sy onreinheid op hom is, dié wese moet voor My uitgeroei word. Ek is יהוה.

⁴ 'Niemand uit die saad van Aharon wat melaats is of 'n vloeiing het, mag van die afgesonderde gawes eet voordat hy rein is nie. En hy wat aan iemand raak wat deur 'n lyk onrein is, of van wie 'n saadvloeiing uitgaan,

⁵ of iemand wat aan enige kruipende ongedierte raak, waardeur hy onrein word, of aan 'n mens, deur wie hy onrein word ten gevolge van water onreinheid ook al

⁶ die persoon wat aan so iets raak, sal tot die aand toe onrein wees, en hy mag van die afgesonderde gawes nie eet nie tensy dat hy sy liggaam in die water gebad het.

⁷ 'Maar wanneer die son onder is, sal hy rein wees, en daarna kan hy van die afgesonderde gawes eet, want dit is sy voedsel.

⁸ 'Aas of iets wat verskeur is, mag hy nie eet, sodat hy daardeur nie onrein word nie. Ek is יהוה.

⁹ 'Hulle moet dan My regsreëling onderhou, dat hulle weens die afgesonderde gawes geen sonde op hulle laai en daardeur sterf nie, omdat hulle dit besoedel

WAJIKRA 22

het. Ek is יהוה wat hulle afsonder.

¹⁰ 'Ook mag geen onbevoegde eet wat afgesonderd is nie. 'n Bywoner van 'n priester en 'n dagloner mag nie eet wat afgesonderd is nie.

¹¹ 'Maar wanneer 'n priester iemand met sy geld koop, mag dié daarvan eet, en die wat in sy huis gebore is, hulle mag van sy voedsel eet.

¹² 'Maar wanneer die dogter van 'n priester aan 'n vreemde behoort, mag sy van die offergawe van die afgesonderde gawes nie eet nie.

¹³ 'Maar wanneer die dogter van 'n priester weduwee is of verstoot word en sy kinderloos is en in die huis van haar vader terugkom soos in haar jeug, dan mag sy van die voedsel van haar vader eet, maar geen onbevoegde mag daarvan eet nie.

¹⁴ 'En wanneer iemand by vergissing iets eet wat afgesonderd is, moet hy die vyfde deel daarvan byvoeg, en só wat afgesonderd is, aan die priester teruggee.

¹⁵ 'So moet hulle dan die afgesonderde gawes wat die kinders van Jisra'el aan יהוה afgee, nie skend

¹⁶ en op hulle geen strafbare skuld laai deurdat hulle die afgesonderde gawes sou eet nie, want Ek is יהוה wat hulle afsonder."

¹⁷ En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

¹⁸ "Praat met Aharon en sy seuns en met al die kinders van Jisra'el en sê vir hulle: 'Enigeen uit die huis van Jisra'el of uit die vreemdelinge in Jisra'el wat sy offer bring volgens al hulle geloftes en al hulle vrywillige offers wat hulle aan יהוה as brandoffer bring

¹⁹ moet dit so bring, dat julle aanvaar word: 'n dier van die manlike geslag sonder gebrek, van die beeste, die lammers of die bokke.

²⁰ 'Julle mag nie iets bring waaraan 'n liggaamsgebrek is nie, want dit sal julle nie ten goede kom nie.

²¹ 'En wanneer iemand 'n dankoffer aan יהוה offer om 'n besondere gelofte te

volbring of as vrywillige offer, van die beeste of die kleinvee, dan moet dit sonder gebrek wees, sodat dit aanvaar kan word. Daar mag geen liggaamsgebrek aan wees nie.

²² 'Wat blind is of wat gebreekte of verminkte liggaamsdele het of swere of skurfte of uitslag dit moet julle aan יהוה nie bring nie, en daarvan mag julle vir יהוה geen vuuroffer op die altaar lê nie.

²³ 'Maar 'n bees of stuk kleinvee waarvan 'n liggaamsdeel te lank of te kort is, mag jy as vrywillige offer berei, maar as gelofte offer sal dit nie aanvaar word nie.

²⁴ 'n Dier wat gekneus, vergruis, geskeur of gesny is, mag julle nie aan יהוה bring nie: in julle land mag julle dit nie doen nie,

²⁵ en uit die hand van 'n uitlander se seun mag julle van al hierdie diere aan julle Elohim geen spys bring nie, want hulle verminking is aan hulle, 'n liggaamsgebrek is aan hulle: hulle sal vir julle nie met welgevalle aangeneem word nie."

²⁶ En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

²⁷ "Wanneer 'n bees of 'n lam of 'n bok aankom, moet dit sewe dae lank by sy moeder bly, maar van die agtste dag af en verder sal dit aanvaar word as 'n vuuroffergawe aan יהוה.

²⁸ "n Bees of stuk kleinvee mag julle ook nie saam met sy kleintjie op een dag slag nie.

²⁹ "En wanneer julle 'n loffer aan יהוה bring, moet julle dit so offer, dat julle anvaar word.

³⁰ "Op dieselfde dag moet dit geëet word. Julle moet daarvan niks laat oorbly tot die more toe nie. Ek is יהוה."

³¹ "Hou dan My gebooe en doen dit. Ek is יהוה."

³² En moenie My afgesonderde Naam besoedel nie, sodat Ek afgesonderd kan wees tussen die kinders van Jisra'el. Ek is יהוה wat julle afsonder,

³³ wat julle uit die land van Mitsrajim gelei het om vir julle 'n Elohim te wees. Ek is יהוה."

23 En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

² "Praat met die kinders van Jisra'el en sê vir hulle: 'Die feestye van יהוה wat julle moet uitroep as afgesonderde samekomste dit is My feestye.

³ 'Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n dag van volkome rus, 'n afgesonderde byeenkoms. Julle mag géén werk doen nie, dit is 'n Sabbat van יהוה in al julle woonplekke.

⁴ 'Hierdie is die feestye van יהוה, die afgesonderde byeenkomste wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd.

⁵ 'In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die Pēsah van יהוה.

⁶ en op die vyftiende dag van hierdie maand is die fees van die ongesuurde brode van יהוה. Julle moet sewe dae lank ongesuurde brode eet.

⁷ 'Op die eerste dag moet daar vir julle 'n afgesonderde byeenkoms wees. Julle mag géén beroepswerk doen nie.

⁸ 'Maar julle moet sewe dae lank aan יהוה 'n vuuroffer bring. Op die sewende dag moet daar 'n afgesonderde byeenkoms wees. Julle mag géén beroepswerk doen nie.'"

⁹ En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

¹⁰ "Praat met die kinders van Jisra'el en sê aan hulle: 'Wanneer julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrengs oes, moet julle 'n omer eerstevrugte van julle oes na die priester bring.

¹¹ 'En hy moet die omer voor יהוה beweeg, sodat julle aanvaar kan word. Die dag ná die Sabbat moet die priester dit beweeg.

¹² 'Julle moet ook op die dag wanneer julle die omer beweeg, 'n jaaroud lam sonder gebrek as brandoffer aan יהוה berei,

¹³ en die graanoffer wat daarby behoort, twee tiendes van 'n éfa fynmeel met olie gemeng as vuuroffer aan יהוה, 'n lieflike geur, en daarby die drankoffer van wyn,

'n kwart hin.

¹⁴ 'En julle mag geen brood of gebraaide koring of vars graan eet tot daardie selfde dag toe nie, totdat julle die offer van julle Elohim bring. Dit is 'n ewige wet vir julle geslagte in al julle woonplekke.

¹⁵ 'Dan moet julle tel van die dag ná die Sabbat, van die dag af wanneer julle die omer beweging bring sewe volle weke moet dit wees,

¹⁶ tot die dag ná die sewende Sabbat moet julle vyftig dae tel, dan moet julle 'n nuwe graanoffer aan יהוה bring.

¹⁷ 'Julle moet uit jul woonplekke twee beweegbrode bring, dit moet van twee tiendes van 'n éfa fynmeel wees. Dit moet gesuurd gebak word as eersteling aan יהוה.

¹⁸ 'Julle moet ook by die brood sewe jaaroud lammers sonder gebrek en een jong bul en twee ramme bring. Hulle moet 'n brandoffer aan יהוה wees saam met die graanoffer en die drankoffers wat daarby behoort as vuuroffer van lieflike geur aan יהוה.

¹⁹ 'En julle moet een bokram as sondeoffer berei. Ook twee jaaroud lammers as dankoffer,

²⁰ en die priester moet hulle saam met die eerstelingsbrood as beweging voor יהוה beweeg saam met die twee lammers; hulle moet aan יהוה afgesonderd wees, tot voordeel van die priester.

²¹ 'En julle moet op daardie selfde dag uitroep: 'n afgesonderde byeenkoms moet dit vir julle wees. Julle mag géén beroepswerk doen nie. Dit is 'n ewige wet in al julle woonplekke vir julle geslagte.

²² 'En wanneer julle die opbrengs van jul land oes, moet jy die kant van jou land wanneer jy oes nie heeltemal afoes en die are wat val, nie versamel nie. Vir die arme en die vreemdeling moet jy dit laat oorbly. Ek is יהוה julle Elohim.'"

²³ En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

²⁴ "Praat met die kinders van Jisra'el en sê: 'In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle 'n

rusdag wees, 'n gedenkdag deur basuingeklank, 'n afgesonderde byeenkoms.

²⁵ Julle mag Géén beroepswerk doen nie, maar julle moet aan יהוה 'n vuuroffer bring."

²⁶ En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

²⁷ "Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit die versoendag. 'n Afgesonderde byeenkoms moet dit vir julle wees, dan moet julle jul verootmoedig en aan יהוה 'n vuuroffer bring.

²⁸ "En op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is 'n versoendag om vir julle versoening te doen voor יהוה julle Elohim.

²⁹ "Want elkeen wat hom op daardie selfde dag nie verootmoedig nie, moet tussen sy volksgenote uitgeroei word.

³⁰ "Ook elkeen wat op daardie selfde dag enige werk doen, dié wese sal Ek uitroei tussen sy volk.

³¹ "Julle mag géén werk doen nie, dit is 'n ewige wet vir julle geslagte in al julle woonplekke.

³² "n Dag van volkome rus moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Op die negende van die maand in die aand, van aand tot aand, moet julle jul Sabbat hou."

³³ En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

³⁴ "Praat met die kinders van Jisra'el en sê: 'Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir יהוה.

³⁵ 'Op die eerste dag moet daar 'n afgesonderde byeenkoms wees. Julle mag geen beroepswerk doen nie.

³⁶ 'Sewe dae lank moet julle aan יהוה 'n vuuroffer bring. Op die agtste dag moet daar vir julle 'n afgesonderde byeenkoms wees, en julle moet aan יהוה 'n vuuroffer bring. Dit is 'n feestyd, julle mag geen beroepswerk doen nie.

³⁷ 'Dit is die feestyd van יהוה wat julle moet uitroep as afgesonderde byeenkomste om aan יהוה 'n vuuroffer te

bring: 'n brandoffer en graanoffer, 'n slagoffer en drankoffers soos vir elke dag voorgeskryf;

³⁸ behalwe die Sabbatte van יהוה en behalwe julle gawes en behalwe al julle geloftes en behalwe al julle vrywillige offers wat julle aan יהוה jee.

³⁹ 'Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, wanneer julle die opbrengs van die land insamel, moet julle die fees van יהוה sewe dae lank vier. Op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag.

⁴⁰ 'En op die eerste dag moet julle vir julle vrugte neem van sierlike bome, met palmtakke en takke van digte bome en rivierwilgers, en sewe dae lank voor יהוה julle Elohim vrolik wees.

⁴¹ 'En julle moet dit as fees van יהוה sewe dae in die jaar vier. Dit is 'n ewige wet vir julle geslagte. In die sewende maand moet julle dit vier.

⁴² 'Sewe dae lank moet julle in hutte woon. Almal wat in Jisra'el gebore is, moet in hutte woon,

⁴³ sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Jisra'el in hutte laat woon het toe Ek hulle uit die land van Mitsrajim gelei het. Ek is יהוה julle Elohim."

⁴⁴ So het Moshe dan die feestyd van יהוה aan die kinders van Jisra'el bekend gemaak.

24 En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

² "Beveel aan die kinders van Jisra'el dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die lig moet bring, om gedurigdeur 'n brandende lamp te hê.

³ 'Aharon moet dit buitekant die voorhangsel van die getuënis, in die tent van ontmoeting, regmaak om te brand van die aand tot die môre voor יהוה, gedurigdeur. Dit is 'n ewige wet vir julle geslagte.

⁴ "Hy moet op die rein manora die lampe regmaak om te brand voor יהוה, gedurigdeur.

⁵ "Jy moet ook fynmeel neem en twaalf koeke daarvan bak, twee tiendes van 'n

ëfa moet elke koek wees,
⁶ en jy moet hulle in twee stapels neersit, ses in 'n stapel, op die rein tafel voor יהוה.

⁷ "En by elke stapel moet jy suiwer wierook byvoeg, wat vir die brood as gedenkoffer moet dien, as vuuroffer aan יהוה.

⁸ "Op elke Sabbat moet hy dit gedurigdeur voor יהוה regsit, van die kant van die kinders van Jisra'ël as 'n ewige wet.

⁹ "En dit moet aan Aharon en sy seuns toekom: hulle moet dit in 'n afgesonderde plek eet, want as iets hoogs afgesonderd behoort dit aan hom uit die vuuroffers van יהוה 'n ewige wet."

¹⁰ En die seun van 'n Jisra'ëli vrou maar hy was die seun van 'n Mitsri man het uitgegaan tussen die kinders van Jisra'ël in. En die seun van die Jisra'ëlitiese vrou en 'n Jisra'ëlitiese man het met mekaar geveg in die laer.

¹¹ En die seun van die Jisra'ëlitiese vrou het die Naam gelaster en gevloek. Daarom het hulle hom na Moshe gebring. En die naam van sy moeder was Shelomit, die dogter van Dibri, van die stam van Dan.

¹² En hulle het hom gevange gehou, dat hulle 'n beslissing kon verkry volgens die uitspraak van יהוה.

¹³ En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

¹⁴ "Bring die vloeker buitekant die laer uit, en almal wat dit gehoor het, moet hulle hande op sy kop lê, dan moet die hele vergadering hom stenig.

¹⁵ "En met die kinders van Jisra'ël moet jy praat en sê: 'Elkeen wat sy Elohim vloek, sal sy sonde dra.

¹⁶ "En wie die Naam van יהוה laster, moet verseker doodgemaak word. Die hele vergadering moet hom verseker stenig. Die vreemdeling net soos die kind van die land wanneer hy die Naam laster, moet hy doodgemaak word.

¹⁷ "En hy wat enige mens doodslaen, moet verseker doodgemaak word.

¹⁸ "Maar hy wat 'n stuk vee doodslaen,

moet daar vergoeding voor gee, lewe vir lewe.

¹⁹ "En wanneer iemand aan sy naaste 'n liggaamsgebrek toebring soos hy gedoen het, net so moet ook aan hom gedoen word:

²⁰ breuk vir breuk, oog vir oog, tand vir tand dieselfde liggaamsgebrek wat hy aan 'n mens toebring, moet ook aan hom toegebring word.

²¹ "Hy dan wat 'n stuk vee doodslaen, moet daar vergoeding voor gee, maar hy wat 'n mens doodslaen, moet doodgemaak word.

²² "Net een wet moet daar vir julle wees die vreemdeling moet soos die kind van die land wees, want Ek is יהוה julle Elohim."

²³ Moshe het toe met die kinders van Jisra'ël gepraat, en hulle het die vloeker buitekant die laer uitgebring en hom gestenig. En die kinders van Jisra'ël het gedoen soos יהוה Moshe beveel het.

25 En יהוה het met Moshe op die berg Sinai gepraat en gesê:

² "Praat met die kinders van Jisra'ël en sê vir hulle: 'Wanneer julle in die land kom wat Ek julle gee, moet die land 'n Sabbat vir יהוה hou.

³ 'Ses jaar lank mag jy jou land saai en ses jaar lank jou wingerd snoei en die opbrengs daarvan insamel,

⁴ maar in die sewende jaar moet daar vir die land volkome rus wees, 'n Sabbat vir יהוה. Jy mag nie jou land saai en jou wingerd nie snoei nie.

⁵ "Wat van jou oes opslaen, moet jy nie afoes nie, en nie die druiwe van jou ongesnoeide wingerdstok afsny nie. Dit moet 'n jaar van rus vir die land wees.

⁶ "En die opbrengs van die Sabbat van die land sal julle voedsel wees, vir jou en jou slaaf en jou slavin en jou dagloner en jou bywoner wat by jou vertoef,

⁷ en vir jou vee en die wild wat in jou land is, sal die hele opbrengs daarvan wees om te eet.

⁸ "Jy moet ook sewe sabbatsjare tel, sewe maal sewe jaar, sodat die dae van

WAJIKRA 25

die sewe sabbatsjare vir jou nege en veertig jaar is.

⁹ 'Dan moet jy in die sewende maand, op die tiende van die maand, 'n ramshoring se geklank laat deurgaen, op die versoendag moet julle die ramshoring deur julle hele land laat gaan.

¹⁰ 'En julle moet die vyftigste jaar afgesonder en 'n vrylating in die land uitroep aan al sy bewoners. Dit moet vir julle 'n jubeljaar wees. Dan moet julle elkeen na sy besitting en elkeen na sy familie teruggaan.

¹¹ 'Die vyftigste jaar moet 'n jubeljaar vir julle wees. Julle mag nie saai nie, ook nie oes wat opslaan of die druiwe van die onbesnoeide wingerdstok afsny nie.

¹² 'Want dit is 'n jubeljaar, dit moet vir julle afgesonder wees: vanaf die land moet julle die opbrengs daarvan eet.

¹³ 'In hierdie jubeljaar moet julle elkeen na sy besitting teruggaan.

¹⁴ 'Daarom, wanneer jy iets aan jou naaste verkoop of van jou naaste koop, moet julle mekaar nie verdruk nie.

¹⁵ 'Volgens die getal jare ná die jubeljaar moet jy van jou naaste koop, volgens die getal jare dat daar 'n oes is, moet hy dit aan jou verkoop.

¹⁶ 'Volgens die groter aantal jare moet jy die koopprys daarvan vermeerder, en volgens die kleiner aantal jare moet jy die koopprys daarvan verminder, want hy verkoop aan jou die aantal oeste.

¹⁷ 'En niemand mag sy naaste verdruk nie, en vrees jy jou Elohim. Want Ek is יהוה julle Elohim.

¹⁸ 'En doen My wette en onderhou My regsreelings en doen dit, en julle sal veilig in die land woon.

¹⁹ 'En die land sal sy vrug gee, en julle sal eet tot versadiging en veilig daarin woon.

²⁰ 'En sou julle sê: "Wat moet ons in die sewende jaar eet as ons nie mag saai nie en ons oes nie mag insamel nie?"

²¹ 'Daarom beveel Ek My seën vir julle in die sesde jaar, en dit sal die oes vir die drie jare oplewer.

²² 'En in die agtste jaar moet julle saai en van die ou opbrengs eet tot die negende jaar. Julle moet die oes eet totdat die opbrengs hiervan inkom.

²³ 'Die land moet ook nie vir altyd verkoop word nie, want die land is Myne, omdat julle vreemdelinge en bywoners by My is.

²⁴ 'Daarom moet julle, in die hele land van julle besitting, loskoop van die land toelaat.

²⁵ 'Wanneer jou broer verarm en van sy besitting verkoop, moet sy naasbestaande kom verlos, en hy moet loskoop wat sy broer verkoop het.

²⁶ 'En wanneer die man niemand het om te verlos nie, maar dit kan bekostig en genoeg vind om dit los te koop,

²⁷ moet hy die jare bereken dat dit verkoop is, en wat oorskiet, moet hy aan die man aan wie hy verkoop het, teruggee en dan na sy besitting teruggaan.

²⁸ 'Maar indien sy hand nie genoeg vind om terug te gee nie, moet die verkoopte goed in die hand van die koper bly tot die jubeljaar. En in die jubeljaar moet dit vry word, en hy moet na sy besitting teruggaan.

²⁹ 'En wanneer 'n man 'n woonhuis in 'n ommuurde stad verkoop, mag hy dit loskoop vir 'n hele jaar nadat dit verkoop is. Sy reg van lossing is 'n jaar.

³⁰ 'Maar indien dit nie losgekoop word voordat 'n hele jaar verby is nie, moet die huis wat in die ommuurde stad is, vir altyd die eiendom van sy koper bly vir sy geslagte. In die jubeljaar sal dit nie vry word nie.

³¹ 'Maar die huise van die dorpe wat geen muur rondom het nie, moet by die veld van die land gereken word. Daarvoor moet reg van lossing wees en in die jubeljaar moet dit vry word.

³² 'En die stede van die Lëwiiim, die huise in die stede wat in hulle besit is, die Lëwiiim het daar 'n ewige reg van lossing.

³³ 'En dit wat van die Lëwiiim losgekoop word, moet die huis wat verkoop is, in

die stad van sy besitting, in die jubeljaar vry word, want die huise in die stede van die Lêwîim is hulle besitting onder die kinders van Jisra'ël.

³⁴ 'En die weiveld om hulle stede mag nie verkoop word nie, want dit is 'n ewige besitting vir hulle.

³⁵ 'En wanneer jou broer by jou verarm en agterraak, moet jy hom ondersteun, en hy sal by jou leef soos 'n vreemdeling en bywoner.

³⁶ 'Jy moenie rente of wins van hom neem nie, maar jy moet jou Elohim vrees, en jou broer sal by jou leef.

³⁷ 'Moenie jou geld vir hom nie op rente gee nie, en moenie jou kos vir hom teen wins gee nie.

³⁸ 'Ek is יהוה julle Elohim wat julle uit die land van Mitsrajim gebring het om julle die land Kanaän te gee, om julle Elohim te wees.

³⁹ 'En wanneer jou broer by jou verarm en hom aan jou verkoop, mag jy hom nie as slaaf laat dien nie.

⁴⁰ 'Soos 'n dagloner, soos 'n bywoner moet hy by jou wees, tot die jubeljaar moet hy by jou dien.

⁴¹ 'En dan moet hy vry van jou af weggaan, hy en sy kinders saam met hom, en hy moet na sy familie terugkeer en na die besitting van sy vaders teruggaan.

⁴² 'Want hulle is My dienaars wat Ek uit die land van Mitsrajim gebring het, hulle mag soos slawe verkoop word nie.

⁴³ 'Jy mag nie met hardheid oor hom regeer nie, maar jy moet jou Elohim vrees.

⁴⁴ 'Wat jou slaaf of jou slavin aangaan wat aan jou sal behoort van die nasies wat rondom julle is, van hulle mag julle 'n slaaf of slavin koop.

⁴⁵ 'En ook van die kinders van die bywoners wat by julle vertoef van hulle mag julle koop en van hulle geslagte wat by julle is, wat hulle in julle land verwek het, en hulle sal jul eiendom wees.

⁴⁶ 'En julle mag hulle aan julle kinders ná julle nalaat as 'n erflike besitting. Vir ewig

mag julle hulle laat dien. Maar oor julle broers, die kinders van Jisra'ël, die een oor die ander oor hom mag jy nie met hardheid regeer nie.

⁴⁷ 'En wanneer 'n vreemdeling of bywoner by jou vermoënd word, en jou broer by hom verarm en hy homself aan 'n vreemdeling of bywoner by jou verkoop, of aan iemand uit die familie van 'n vreemdeling,

⁴⁸ dan moet daar vir hom, nadat hy hom verkoop het, reg van lossing wees. Een van sy broers kan hom loskoop,

⁴⁹ of sy oom of sy oom se seun kan hom loskoop, of een van sy naaste bloedverwante uit sy familie kan hom los, of indien hy dit kan bekostig, kan hy homself los.

⁵⁰ 'En hy moet met sy koper reken van die jaar af dat hy hom aan hom verkoop het, tot die jubeljaar toe. En die prys waarvoor hy hom verkoop het, moet wees volgens die aantal jare, soos 'n dagloner sal hy dan die tyd by hom gewees het.

⁵¹ 'Indien daar nog baie jare is, moet hy volgens hulle sy losprys uit die geld waarvoor hy gekoop is, teruggee,

⁵² en indien daar maar min jare tot die jubeljaar toe oor is, moet hy daarmee rekening hou, volgens sy jare moet hy sy losprys teruggee.

⁵³ 'Soos een wat van jaar tot jaar loonarbeider is, moet hy by hom wees; hy mag nie met hardheid oor hom voor jou oë regeer nie.

⁵⁴ 'En indien hy nie so losgekoop word nie, moet hy in die jubeljaar vrygelaat word, hy en sy kinders saam met hom.

⁵⁵ 'Want die kinders van Jisra'ël is My dienaars, hulle is My dienaars wat Ek uit die land van Mitsrajim gebring het. Ek is יהוה julle Elohim.

26 'Julle mag vir julle geen valse elohim maak nie, en julle mag nie vir julle 'n gesnede beeld of 'n pilaar oprig of 'n steenpilaar in julle land opstel om julle daarvoor neer te buig nie, want Ek is יהוה julle Elohim.

WAJIKRA 26

² 'My Sabbatte moet julle hou en My afgesonderde plek ontsien. Ek is יהוה.

³ 'Indien julle in My wette wandel en My gebooi hou en dit doen,

⁴ sal Ek julle reëns op die regte tyd gee, en die land sal sy opbrengs gee, en die bome van die veld sal hulle vrugte gee.

⁵ 'En die dorstyd sal vir julle aanhou tot die druiwe oes, en die druiwe oes sal aanhou tot die saai tyd. En julle sal jul brood eet tot versadiging en veilig in julle land woon.

⁶ 'En Ek sal vrede in die land gee, sodat julle sal lê en rus sonder dat iemand julle skrikmaak. En Ek sal die wilde diere uit die land laat verdwyn, en geen swaard sal deur julle land trek nie.

⁷ 'En julle sal jul vyande agtervolg, en hulle sal voor julle deur die swaard val.

⁸ 'En vyf van julle sal honderd agtervolg, en honderd van julle sal tien duisend agtervolg; en julle vyande sal voor julle deur die swaard val.

⁹ 'En Ek sal My na julle draai en julle vrugbaar maak en julle vermeerder, en My verbond met julle bevestig.

¹⁰ 'En julle sal die ou voorraad eet en die oue laat plek maak vir die nuwe.

¹¹ 'En Ek sal My woonplek tussen julle oprig, en My wese sal julle verwerp nie.

¹² 'En Ek sal in jul midde wandel en julle Elohim wees, en julle sal My volk wees.

¹³ 'Ek is יהוה julle Elohim wat julle uit die land van Mitsrajim gebring het, dat julle nie hulle slawe moet wees nie. En Ek het julle jukskeie verbreek en het julle regop laat loop.

¹⁴ 'Maar indien julle nie na My luister en al hierdie gebooi nie doen nie,

¹⁵ en indien julle My wette verwerp, en indien julle wese My regsreëlings verafsku, sodat julle nie al My gebooi doen nie en My verbond verbreek,

¹⁶ dan sal Ek ook dit aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die toring en die koors wat die oë vernietig en die lewe laat verteer. En julle sal vergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet.

¹⁷ 'En Ek sal My gesig teen julle rig, sodat julle voor jul vyande verslaan word. En julle haters sal oor julle regeer, en julle sal vlug terwyl niemand julle agtervolg nie.

¹⁸ 'En indien julle na dit nog nie na My luister nie, dal sal Ek julle sewevoudig tugtig weens julle sondes.

¹⁹ 'En Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper.

²⁰ 'En julle krag sal vergeefs verbruik word, want julle land sal nie sy opbrengs gee nie, en die bome van die land sal nie hulle vrugte gee nie.

²¹ 'En indien julle teenstellig met My wandel en nie na My wil luister nie, sal Ek meer plaë op julle lê, sewevoudig volgens julle sondes.

²² 'En Ek sal die wilde diere van die veld tussen julle in stuur, en wat julle kinderloos sal maak en julle vee uitroei en julle verminder, sodat julle paaie verlate sal wees.

²³ 'En indien julle hierdeur jul nie deur My laat tereg wys nie, maar julle teenstellig met My wandel,

²⁴ sal Ek ook teenstellig met julle wandel en Ek sal julle sewevoudig tref weens julle sondes.

²⁵ 'En Ek sal 'n swaard oor julle bring wat die wraak van die verbond sal uitoefen, en julle sal in jul stede vergader, en Ek sal pes tussen julle in stuur, en julle sal in die hand van die vyand oorgegee word.

²⁶ 'Wanneer Ek julle die brood voorraad verbreek, sal tien vrouens jul brood in een oond bak en julle brood by die gewig teruggee, en julle sal eet, maar nie versadig word nie.

²⁷ 'En indien julle tenspyte hiervan nie na My luister nie, maar teenstellig met My wandel,

²⁸ sal Ek in grimmigheid teenstellig met julle wandel, en Ek sal julle ook sewevoudig tereg wys weens julle sondes.

²⁹ 'En julle sal die vlees van julle seuns eet, en die vlees van julle dogters eet.

³⁰ 'En Ek sal julle hoogtes verwoes en

julle sonpilare verdelg en julle lyke op die lyke van julle idole gooi. En My wese sal julle verafsku.

³¹ 'En Ek sal julle stede puinhoop maak en julle afgesonderde plekke verwoes en julle lieflike geur nie ruik nie.

³² 'En Ek sal die land verwoes, sodat julle vyande wat daarin gaan woon, daarvoor verstom sal staan.

³³ 'En Ek sal julle tussen die volke verstrooi en 'n swaard agter julle uittrek. En julle land sal 'n wildernis en julle stede puinhoop word.

³⁴ 'En die land sal sy Sabbatte geniet, al die dae van sy verwoesting, terwyl julle in die land van julle vyande is. Dan sal die land rus en sy Sabbatte geniet.

³⁵ 'Al die dae van sy verwoesting sal dit rus vir die rus wat dit nie gehad het in julle Sabbatte toe julle daarin gewoon het nie.

³⁶ 'En wat aangaan diegene wat tussen julle oorgebly het Ek sal in hulle hart 'n vreesagtigheid bring in die lande van hulle vyande, sodat die geruis van 'n verwaaide blaar hulle op die loop sal jaag, en hulle sal vlug, soos 'n mens vir 'n swaard vlug en val sonder dat iemand agtervolg.

³⁷ 'En hulle sal struikel die een oor die ander soos vir die swaard, alhoewel niemand agtervolg nie. En julle sal nie voor julle vyande kan standhou nie.

³⁸ 'Maar julle sal omkom tussen die nasies, en die land van julle vyande sal julle verteer.

³⁹ 'En die wat tussen julle oorgebly het, sal oor hulle ongeregtheid wegteer in die lande van julle vyande, ja, ook oor die ongeregthede van hulle vaders saam met hulle wegteer.

⁴⁰ 'Dan sal hulle hul ongeregtheid bely en die ongeregtheid van hulle vaders deurdad hulle ontrou teen My gehandel het, en dat hulle teenstellig met My gewandel het,

⁴¹ sodat Ek ook teenstellig met hulle gewandel het en hulle in die land van hulle vyande moes bring, of, indien hulle

onbesnede hart hom dan verneder en hulle dan boet vir hul ongeregtheid,

⁴² sal Ek tink aan My verbond met Jaäkoḅ, en ook aan My verbond met Jitšak en Ek sal ook aan My verbond met Aḅraham dink, en Ek sal aan die land dink.

⁴³ 'Maar die land moet eers van hulle verlate wees en moet sy Sabbatte geniet, terwyl dit woes lê sonder hulle, en hulle sal vir hul ongeregtheid boet, omdat hulle My regsreëlings verwerp en hulle wese My wette verafsku het.

⁴⁴ 'Maar ook dan, wanneer hulle in die land van hul vyande is, sal Ek hulle nie verwerp nie en sal Ek hulle nie verafsku nie, om hulle te venietig en My verbond met hulle te verbreek nie. Want Ek is יהוה hulle Elohim.

⁴⁵ 'Maar Ek sal tot hulle beswil dink aan die verbond van die voorvaders wat Ek uit die land van Mitsrajim voor die oë van die nasies gebring het om vir hulle 'n Elohim te wees. Ek is יהוה.'

⁴⁶ Dit is die wette en die regsreëlings en die Torot wat יהוה tussen Hom en die kinders van Jisra'ël by die berg Sinai deur die diens van Moshe gegee het.

27 En יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

² 'Praat met die kinders van Jisra'ël en sê vir hulle: 'Wanneer iemand 'n besondere gelofte aflê, mense aan יהוה toewy volgens jou skatting,

³ dan moet jou skatting vir 'n manspersoon van twintig tot sestig jaar, dan moet jou skatting vyftig sikkels silwer wees, volgens die sikkels van die afgesonderde plek.

⁴ 'Maar is dit 'n vrou, dan moet jou skatting dertig sikkels wees.

⁵ 'En is dit iemand van vyf tot twintig jaar, dan moet jou skatting vir 'n manspersoon twintig sikkels wees en vir 'n vroulike tien sikkels.

⁶ 'Maar is dit iemand van 'n maand oud tot vyf jaar, dan moet jou skatting vir die manlike geslag vyf sikkels silwer wees en jou skatting vir die vroulike drie sikkels

WAJIKRA 27

silwer.

⁷ 'En is dit iemand van sestig jaar oud en daarbo is dit 'n manspersoon, dan moet jou skatting vyftien sikkels wees en vir 'n vrou tien sikkels.

⁸ 'Maar indien hy te arm is vir die geskatte bedrag, moet hy voor die priester gestel word, sodat die priester hom kan skat. Volgens wat hy kan bekostig wat die gelofte gedoen het, moet die priester hom skat.

⁹ 'En indien dit vee is waarvan hulle aan יהוה 'n offer kan bring, moet alles wat hy daarvan aan יהוה gee, afgesonderd wees.

¹⁰ 'Hy mag dit nie vervang of omruil nie 'n goeie vir 'n slegte of 'n slegte vir 'n goeie nie; maar indien hy tog 'n dier vir 'n ander een omruil, moet dit en die geruilde afgesonderd wees.

¹¹ 'En indien dit enige onrein stuk vee is waarvan hulle aan יהוה geen offer mag bring nie, moet hy die dier voor die priester stel,

¹² en die priester moet dit skat of dit goed of sleg is, na jou skatting, priester, so sal dit wees.

¹³ 'Maar indien hy dit wil loskoop, moet hy die vyfde deel daarvan bo jou skatting byvoeg.

¹⁴ 'En wanneer iemand sy huis as afgesonderde gawe aan יהוה toewy, moet die priester dit skat of dit goed of sleg is, soos die priester dit skat, so moet dit bly.

¹⁵ 'En indien hy wat dit afgesonderd het, sy huis wil los, moet hy die vyfde deel van die geld van jou skatting daar byvoeg, dan sal dit syne wees.

¹⁶ 'En indien iemand 'n stuk land van sy besitting aan יהוה afsonder, moet jou skatting wees volgens die saad wat gesaai word: 'n homer garssaad op vyftig sikkels silwer.

¹⁷ 'Indien hy sy stuk land van die jubeljaar af afsonder volgens jou skatting, so moet dit bly.

¹⁸ 'Maar indien hy sy stuk land ná die jubeljaar afsonder, moet die priester vir hom die geld bereken na die jare wat tot

die volgende jubeljaar oor is, en dit moet van jou skatting afgetrek word.

¹⁹ 'En indien hy wat die stuk land afgesonderd het, dit beslis wil loskoop, moet hy die vyfde deel van die geld van jou skatting daar byvoeg, en dit sal syne bly.

²⁰ 'En indien hy die stuk land nie loskoop nie, of indien hy die stuk land aan 'n ander verkoop, mag dit nie meer losgekoop word nie,

²¹ maar die stuk land moet, wanneer dit in die jubeljaar vry word, aan יהוה afgesonderd wees soos 'n stuk land onder die ban, die besit daarvan kom aan die priester toe.

²² 'En indien hy aan יהוה 'n stuk land afsonder wat hy gekoop het, wat nie van die land van sy besitting is nie,

²³ moet die priester vir hom die bedrag van die skatting tot die jubeljaar bereken, en hy moet op dieselfde dag die skatting gee as 'n afgesonderde gawe aan יהוה.

²⁴ 'In die jubeljaar moet die stuk land terugkom aan hom van wie hy dit gekoop het, aan hom wat in besit was van die stuk land.

²⁵ 'En alles wat jy skat, moet volgens die sikkels van die afgesonderde plek wees, die sikkels moet twintig gera wees.

²⁶ 'Maar die eersgeborene van 'n dier wat as eersgeborene aan יהוה behoort, dit mag niemand afsonderd nie, of dit 'n bees is of 'n stuk kleinvee, dit behoort aan יהוה.

²⁷ 'Maar is dit van 'n onrein dier, dan moet hy dit na jou skatting loskoop en die vyfde deel daarvan byvoeg, en indien dit nie gelos word nie, moet dit na jou skatting verkoop word.

²⁸ 'Maar niks van die bangoed wat iemand aan יהוה wy, van alles wat aan hom behoort, mense of vee of grond wat in sy besit is mag verkoop of losgekoop word nie. Al die bangoed moet aan יהוה hoogs afgesonderd wees.

²⁹ 'Elkeen wat onder die ban is, wat tussen die mense met die ban getref is, mag nie losgekoop word nie, hy moet verseker doodgemaak word.

WAJIKRA 27

³⁰ Ook al die tiendes van die land, van die graan van die land, van die vrugte van die bome, behoort aan יהוה, dit is afgesonderd aan יהוה.

³¹ Maar indien iemand van sy tiende iets wil loskoop, moet hy die vyfde deel daarvan byvoeg.

³² Wat betref al die tiendes van beeste en kleinvee alles wat tussen die herderstaf deurgaan die tiende moet aan

יהוה afgesonderd wees.

³³ 'Hulle mag nie ondersoek of dit goed of sleg is nie, en dit nie omruil nie, maar indien hulle dit tog omruil, moet dit en die geruilde afgesonderd wees. Dit mag nie losgekoop word nie.'"

³⁴ Dit is die gebooie wat יהוה Moshe by die berg Sinai vir die kinders van Jisra'el beveel het.